

Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.

Nuusweek

FM
Pretoria

Nommer 87, Jaargang 2

09 Oktober 2026

www.pretoriafm.co.za



Laai af en
deel op al jou
WhatsApp-
groepe



PYN BY DIE POMPE

Vulstasies kan
kwyn

02

Waar was Roelf?

04

Die stilte oor
plaasmoorde

05

7 Oktober:
Drie jaar later

16

DIE SPLINTERNUWE

TIGGO 8

CHERY CENTURION

PHEV

RY VANDAG
DIE TOEKOMS

VANAF:
R689 900

7-SITPLEK

INPROHIBEDE

VERHITTE
SITPLEKKE

PASSASIERSMASSERING

BESPREEK JOU TOETSRIJ
☎ **012 880 7007**



Minder reise gaan lei tot minder vulstasies

James Kemp

Hoër brandstofpryse is per definisie negatief en verbruikers gaan óf minder moet spaar óf minder op ander goed moet uitgee. So antwoord professor Jannie Rossouw op 'n vraag oor hoe die hoër brandstofpryse verbruikers gaan raak.

Die afgelope week het die prys van 93 oktaan-petrol met R3,12 per liter en die prys van 95 oktaan-petrol met R3,33 per liter gestyg. Diesel met 'n swaelinhoud van 0,05% het met R2,84 per liter gestyg terwyl diesel met 'n swaelinhoud van 0,005% met R3,24 per liter duurder geword het.

Professor Rossouw sê een van die besuinigingsmaatreëls wat motoriste kan instel, is om minder te ry. Maar dit kan die oorlewing van vulstasies bedreig – iets wat sal lei tot werksverliese vir petroljoggies

en ander werknemers, dus 'n verdere styging in werkloosheid.

Op 'n vraag of die regering dalk weer verligting kan bied deur brandstofheffings laag te hou, antwoord Rossouw dat die regering dit wel vroeër die jaar gedoen het, maar dat dit toe 'n tydelike maatreël was. Rossouw sê indien die regering dit weer doen, gaan hulle die geld elders moet kry: Hulle kan nuwe belastinge uitdink of bestaande belastinge, soos maatskappybelasting, verhoog.

“Die regering is 'n wonderlike ding wat enige van 'n klomp ander vorms van belasting kan verhoog.”

In hierdie stadium, sê Rossouw, het die publiek nog nie prysstygings in ander produkte gesien nie. Hy sê hierededaarvoor is omdat die breër bedryf die konflik in Iran, wat as die primêre oorsaak van die



Jannie Rossouw

verhoogde brandstofpryse gesien word, as 'n korttermynprobleem sien. Hy waarsku dat indien dit as 'n langtermynprobleem gesien word die benadering gaan verander.

“Dit sluit in die Reserwebank wat met min beleid moet reageer as inflasieverwagtings begin styg.”

Rossouw self begin die konflik in Iran sien as 'n probleem wat lank gaan duur.

“Ek sien nie 'n plan vir (die Amerikaanse president Donald) Trump om hier uit te kom nie. In hierdie stadium praat ekonome steeds nie van 'n oorlog nie maar van 'n 'geopolitieke probleem.’” **N**

ActionSA: Hersien brandstofheffing

Redaksie

ActionSA doen 'n beroep op die minister van finansies om die brandstofheffing dringend te hersien en te verlaag, te midde van stygende brandstofpryse en lewenskoste.

Die party sê hoër brandstofpryse verhoog die koste van vervoer, wat weer tot duurder kos, goedere en dienste lei en druk op huishoudings en veral klein ondernemings plaas.

ActionSA wys daarop dat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens in die 2025/26-boekjaar R2,01-biljoen aan netto inkomste ingevorder het. Dit is R24,7-

miljard meer as wat geraam is.

Die party sê die beter belastinginvordering behoort ruimte te skep vir tydelike verligting vir Suid-Afrikaners.

Die burgerregtegroep AfriForum het sy navorsingsafdeling opdrag gegee om omvattende ondersoek in te stel na die samestelling van die land se brandstofpryse. Die ondersoek sal in die besonder fokus op die onderskeie heffings, naamlik die brandstof-, koolstof- en Padongelukkefondsheffing, en verwante verrekeningsmeganismes.

Die Organisasie teen Belastingmisbruik, OUTA, waarsku intussen dat 'n verlaging

van die Padongelukkefondse brandstofheffing min sal doen om die fonds se finansiële krisis op te los.

OUTA se uitvoerende hoof, Wayne Duvenage, sê die fonds is onderbefonds, maar sy probleme spruit grootliks uit jare se wanbestuur, stygende koste en administratiewe probleme.

Die reaksie volg nadat die Departement van Vervoer aangekondig het dat hulle 'n nuwe befondingsmodel vir die Padongelukkefondse oorweeg.

Duvenage sê die oplossing lê egter nie bloot in hoe geld ingevorder word nie, maar die beter bestuur van die fonds. **N**

AfriForum ondersoek brandstofheffings self

Redaksie

AfriForum het die afgelope week sy navorsingsafdeling opdrag gegee om omvattende ondersoek in te stel na die samestelling van die land se brandstofpryse. Die ondersoek sal in die besonder fokus op die onderskeie heffings, naamlik die brandstof-, koolstof- en Padongelukkefondsheffing, en verwante verrekeningsmeganismes.

Die burgerregteorganisasie het Enoch Godongwana, minister van finansies, in September versoek om 'n onafhanklike oudit van die huidige brandstofpryse en -heffings te doen. Daar is sedertdien geen aanduiding ontvang dat dié oudit deur die minister se kantoor onderneem gaan word nie. AfriForum het daarom besluit om self die oudit te doen.

Hierdie oudit sal ondersoek instel na die berekening van die onderskeie heffings; die toepassing, doeltreffendheid, deursigtigheid en proporsionaliteit daarvan; die aanwending en die doeltreffendheid van die aanwending van fondse; die ekonomiese impak van die heffings op verbruikers, vervoeroperateurs, landbou en kleinsakeondernemings; asook opsies vir blywende hervorming om die druk op verbruikers te verlig.

AfriForum het reeds in Junie vanjaar by Godongwana daarop aangedring om die tydelike vermindering van die algemene brandstofheffing permanent in te stel of ten minste te verleng. Oliepryse het sedertdien hoog gebly en die wêreldwye energiekrisis is steeds onopgelos. AfriForum het ook in Junie gewaarsku

dat 'n kortstondige verlaging slegs die druk op verbruikers, ondernemings en die ekonomie sou uitstel, eerder as om hulle te help om dit te vermy.

Volgens Ernst van Zyl, hoof van openbare betrekkinge by AfriForum, reageer die regering met "verlammende verskrikking en besluiteloosheid op die energiekrisis".

"As burgerregtewag hond kan AfriForum nie net toekyk terwyl die mense van die land finansiële by die brandstofpomp geknak word nie. Die regering het die mag om in te gryp, maar doen niks nie. Iemand moet die oorsaak van die lewenskostekrisis in die land blootlê en aandrang op broodnodige hervormings. AfriForum is bereid om hierdie noodsaaklike stryd aan te pak." **N**

Regering maan teen paniekaankope van brandstof

Walter Ernst

Die regering doen 'n beroep op motoriste om paniekaankope te vermy weens die brandstofprysstygings wat die land tans ervaar. Verbruikers word aangemoedig om brandstof volgens hul normale behoeftes te koop en onnodige voorraadopbou te vermy. Die regering sê dat die buitengewoon hoë aanvraag druk op vulstasies en verspreidingsnetwerke kan plaas, wat moontlik tot gelokaliseerde tekorte kan bydra. Die hoofekonoom van die Efficient Group, Dawie Roodt, sê dat die impak oor die hele ekonomie gevoel sal word, met die vervoer- en landbousektor wat waarskynlik eerste geraak word. Roodt sê dat die oproepe dat die regering brandstof-belasting moet verminder of verbruikers moet subsidieer, ook teen die regering se finansies opgeweeg moet word. **N**



Dawie Roodt





HART MARK

kom besoek ons nuwe winkel by

CHAMELEON VILLAGE



BESTE GESKENKE,
100% SUID-AFRIKAANS



DAAGLIKS OOP
VAN 8:00-17:30



GESINS
VRIENDELIK



OOP 364 DAE
PER JAAR



HARTEBESPOORT,
NOORDWES

...WAAR KWALITEIT, VAKMANSKAP EN PLAASLIKE TROTS ONDER EEN DAK BYMEKAAR KOM...

KOOP LOCAL

ONDERSTEUN LOCAL

LEEF LOCAL



Daarom was Roelf Meyer nie by Witkruisprojek

Seugnet van Zyl

Ná Lex Libertas se onlangse Witkruisprojek in Washington, D.C. het die vraag opgeduik oor waarom die Suid-Afrikaanse ambassadeur in die VSA, Roelf Meyer, nie dié geleentheid bygewoon het nie.

Meyer het enkele dae voor dié geleentheid wel die opening van 'n Suid-Afrikaanse groepuitstalling getiteld *Ons is die goeie ouens* (*We are the good guys*) deur Suid-Afrikaanse kunstenaars in Washington bygewoon. Die uitstalling handel oor die Afrikaners wat “vrees en segregasie in die oë kyk”.

In 'n aanlyn gesprek vroeër die week met Stefano Loudaros Forte, president van die New York Young Republican Club, praat Ernst Roets, uitvoerende direkteur van Lex Libertas, breedvoerig oor die Witkruisprojek wat gesamentlik deur dié twee organisasies op die been gebring is.

Volgens Roets het duisende mense in Washington na die 3 000 wit kruise ter bewusmaking van plaasmoorde in Suid-Afrika gaan kyk. Hy vertel in dié gesprek aan Forte dat hy vir Meyer na die openingsgeleentheid en konferensie uitgenooi het. Volgens Roets het Meyer in antwoord op die uitnodiging wat aan hom gestuur is, eers 'n vergadering met Roets versoek.

Roets verduidelik aan Forte dat hy ingestem het om met Meyer in sy kantoor voor dié geleentheid te gesels. Daar het hulle glo 90 minute lank gesels waarna



Roelf Meyer by 'n kunsuitstalling in Washington.

Meyer na bewering aan Roets gesê het dat hy die geleentheid sal bywoon mits hy daar as spreker kan optree juis omdat hy die Suid-Afrikaanse regering in Amerika verteenwoordig.

Roets sê dan aan Forte dat hy vir Meyer gesê het dat dit disrespekvol teenoor die slagoffers van plaasmoorde sal wees as hy daar 'n spreukbeurt sou kry omdat hy voorheen bewusmaking oor plaasmoorde as “oordrewe” afgemaak het.

Meyer het op dié dag (26 September) wat die Witkruisprojek aan die publiek in Washington oopgestel is in 'n onderhoud met die BBC gesê die idee van 'n massiewe aanval op die wit Afrikanerminderheid in Suid-Afrika bestaan nie en bygevoeg dat sy identiteit as Afrikaner hom die gesag gee om dit te sê.

Hy sê in die onderhoud dat feite oor

geweld in Suid-Afrika verkeerd voorgestel is. Meyer het ook 'n boodskap aan Afrikaners gestuur wat teen plaasaanvalle protesteer deur wit kruise in Washington neer te lê in die onderhoud.

“Dit help ons nie om buite 'n stem te laat hoor as ons nie daartoe verbind is om iets binne die land te doen nie.”

Roets sê dit wys net hoe uit voeling hy is oor wat mense van hom dink.

“Ek dink hy en ons regering onderskat regtig hoe Meyer deur sy eie mense verafsku word. Die slagoffers en oorlewendes van plaasmoorde is kwaad vir Meyer oor die rol wat hy gespeel om hierdie siening te skep.”

Nuusweek het na Meyer vir kommentaar uitgereik, maar hy het nog nie daarop gereageer nie. **N**



Vir u gratis aflewering
skakel: 012 324 3294



LPG GAS

Veilig
Wettig
Doeltreffend

Gas
Installasie
en COC
sertifikate

WWW.EPGGAS.CO.ZA

Geen politieke wil om plaasaanvalle stop te sit

Seugnet van Zyl

'n Vrou in Noordwes was vandeeweek die jongste slagoffer van 'n plaasmoord, maar haar dood het in regeringskringe byna ongesiens verbygegaan.

Hannetjie van Zyl (55) is Maandagaand by hulle plaashek naby Ottosdal oorval en met 'n ysterpyp doodgeslaan.

Bennie van Zyl, hoofbestuurder van TLU SA, sê president Cyril Ramaphosa is absoluut afwesig as dit by plaasaanvalle en -moorde kom.

Van Zyl se aanval is die 22ste sedert Januarie vanjaar in Noordwes.

“Hier is nie 'n politieke wil as dit by plaasaanvalle en -moorde kom nie. Die vraag is: hoekom? Wanneer gaan plaasaanvalle en -moorde die politieke en veiligheidsprioriteit geniet wat die omvang en volgehoue aard daarvan vereis?”

Volgens Van Zyl was daar reeds sewe aanvalle en een moord (Van Zyl se moord) in Oktober.

“Onspraathiervan'n absolute onsekerheidsfaktor van die grootste bate (boere) wat 'n land het. Die strategiese waarde van kos op die tafel kan nie ligtelik opgeneem word nie en ons regering negeer dit.”

Ramaphosa het die moorde van die nege vroue aan die Oos-Rand in September as 'n nasionale krisis verklaar.

Van Zyl sê die regering skep 'n klimaat waarbinne mense amper 'n groen lig kry om hierdie plaasaanvalle en -moorde te mag pleeg.

“Dis totaal onaanvaarbaar. Dit wêreld moet kennis neem. Ons sit met 'n dubbelstandaard-regering. Ons sit met 'n regering wat nie plaasaanvalle en -moorde in die praktyk aanspreek nie, terwyl hy die verantwoordelikheid het om dit te doen. Alle burgers is volgens ons grondwet gelyk en almal verdien om gelyk hanteer te word.”



Bennie van Zyl

Die VF Plus versoek Ramaphosa om die werklikheid van plaasmoorde nou te erken en te veroordeel.

“Wanneer die regering en president Ramaphosa weier om die omvang van plaasaanvalle te erken en dit tot 'n prioriteitsmisdaad te verklaar, faal hulle in hul primêre grondwetlike

plig om alle inwoners van Suid-Afrika te beskerm.”

Agri NW sê daar moet dringend anders gedink word oor misdaad op plase.

“Daar moet ook dringend aandag gegee word aan misdaadvoorkoming en die strafregstelsel, sonder om langer diplomaties en politieke korrek daarvoor te probeer wees. Daarvoor is daar te veel families en gesinne wat te gereeld geruk word deur die verlies van geliefdes,” sê Naudé Pienaar, uitvoerende hoofbestuurder van Agri NW. **N**

TOERBROERS TOEKOM

VRYDAE

15h30

Pretoria FM
HUISTOE program

Word deel van die

TOERBROERS-FAMILIE

Ons gesels oor wat gebeur, die mense, die geleenthede, die nuutste reise en toere saam met Toerbroers Agentskap - en nog baie meer.

Ongewenste bemarkingsoproepe binnekort iets van die verlede

Walter Ernst

Suid-Afrikaners kan binnekort ontslae wees van lastige bemarkingsoproepe.

Die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging en die Nasionale Verbruikerskommissie (NVK) het 'n Opt-Out-register ingestel om verbruikers te help om ongewenste direkte bemarkingsoproepe en -boodskappe te stop.

Die bekendstelling sal in fases plaasvind. Direkte bemarkers sal eers op die stelsel moet registreer voordat verbruikers genooi word om hul eie profiele te skep.


Die register stel verbruikers in staat om aan te dui dat hulle die ontvangs van ongevraagde regstreekse bemarkingsoproepe en -boodskappe weier.

Die stelsel sal teen Maart 2027 ten volle in werking gestel word. Die [registrasiewebsite](#) is reeds oop.

Verbruikers kan ook 'n klag deur die Nasionale Verbruikerskommissie se registrasieportaal indien as hulle steeds ongevraagde oproepe ontvang.

Maatskappye wat die Wet op Verbruikersbeskerming oortree, kan boetes van tot R1 miljoen of 10% van hul jaarlikse omset opgelê word.

Benewens geldboetes kan oortreders tot hoogstens 12 maande gevangenisstraf opgelê word, soos bepaal deur die CPA-tribunaal. **N**





BARNYARD
THEATRE
MENLYN

Vier jou

2026 JAAREINDPARTYTJIE

JAAREINDPARTYTJIE PAKKET OPSIES

BEAT THE BUDGET:
R5,100 vir 10 persone (R510 per persoon)
 Sluit 10 vertoningskaartjies, 1 hoenderbord, 3 pizzas om te deel en 2 drankbewyse per persoon in.

PREMIUM:
R725 per persoon
 Sluit 'n vertoningskaartjie, buffet en 3 drankbewyse per persoon in.

012 880 2727 | BARNYARDTHEATRE.CO.ZA

SA se finansiële vertroue bly stabiel

Marelize Maré

Suid-Afrikaners se finansiële vertroue het volgens die 2026- Sanlam Finansiële Vertroue Indeks grootliks stabiel gebly, ondanks druk van 'n hoë werkloosheidsyfer en stygende brandstof-, elektrisiteits- en leenkoste.

Die algehele indeks het op 54 gebly, terwyl finansiële welstand van 32 tot 35 verbeter het. Dit is die hoogste vlak in vier jaar, hoewel dit steeds laag is.

Die navorsing wys mense voel meer in beheer van hul finansies, maar bly onder druk.

Toegang tot krediet was die laagste prioriteit, en dié wat krediet gebruik, sien dit meestal as 'n veiligheidsnet vir noodgevalle eerder as 'n manier om 'n leefstyl te finansier. **N**

Feroz Khan se regsplan bekommerd oor sy veiligheid

Marelize Maré

Die moord op Preggy Padayachee, die aangetroude oom van die voormalige adjunkhoof van Misdaadintelligensie, Feroz Khan, het daartoe gelei dat Kahn se regsplan kommer oor sy veiligheid uitgespreek het.

Padayachee is Maandagaand op die R21 in Ekurhuleni doodgeskiet. Volgens berigte was hy onderweg na die OR Tambo Internasionale Lughawe toe sy voertuig naby Griffithsweg onklaar geraak het. Volgens die polisie het hy 'n vriend om hulp gevra, waarna die vriend saam met twee ander mense opgedaag het. Terwyl hulle aan die voertuig gewerk het, is skote op hulle afgevuur. Padayachee het probeer wegom, maar het beheer oor die voertuig verloor en teen 'n versperring gebots. Hy is op die toneel dood. Een passasier is gewond en na die hospitaal geneem.

Die polisie ondersoek sake van moord en poging tot moord en niemand is nog



Feroz Khan

in hegtenis geneem nie. Die moord het plaasgevind die aand voordat Khan, agter geslote deure, voor die Madlanga-kommissie van ondersoek oor onder meer beweerde misdaad, politieke inmenging en korrupsie in die strafregstelsel sou getuig. Die kommissie het bevestig dat Khan Dinsdag virtueel verskyn het, maar sy getuie is weens Padayachee se dood uitgestel.

Die tydsberekening van Padayachee se moord het intussen vrae laat ontstaan oor 'n moontlike verband met Khan en of dit as 'n waarskuwing bedoel is. Khan se regsplan is in gesprek met die kommissie oor veiligheidsmaatreëls. **N**



Nuusweek

WhatsApp-kanaal

Is jy al ingeteken op die Nuusweek WhatsApp-kanaal?



Klik hier om in te skakel!





JOU BETROUBARE BRON
vir die nuutste nuus, meningsukke en agtergrondinligting.



BLY INGELIG
Deel dit en maak saak, en wees deel van die gesprek.



KRY DIT EERSTE
Ontledings, perspektiewe en stories wat saak maak – direk op jou foon.





26



Kennis wat saak maak

Diere die regte weners by Pretoria FM se rolbaldag

Redaksie

Wollies Animal Shelter en Wet Nose Animal Rescue Centre was die groot weners tydens Pretoria FM se rolbaldag wat die afgelope week in Pretoria plaasgevind het. Volgens Révan Luüs, bemakingskoördineerder van Pretoria FM, was dit 'n doelbewuste besluit om 'n rolbaldag eerder as 'n tradisionele gholfdag aan te bied.

“Ons wou iets anders as 'n gholfdag doen. Rolbal is oop vir almal – selfs vir iemand wat nog nooit dié sport beoefen het nie. Jy hoef nie 'n atleet te wees om tydens die geleentheid deel te neem nie.”

Dié geleentheid het plaasgevind by Wingate Park Buiteklub in Moreleta Park, waar van die land se bekendste Afrikaanse kunstenaars, akteurs en sakemanne byeengekom het vir 'n dag van rolbal, musiek en pret om 'n verskil te maak vir diere wat nie self kan praat nie.

Die dag is moontlik gemaak deur die hoofborge Boerboel Wear en Montegu Pet Foods, wat saam met Pretoria FM gewerk het om bewusmaking te skep en fondse vir Wollies en Wet Nose in te samel.

Luüs sê dit gaan vir Pretoria FM oor veel meer as net 'n dag op die rolbalbaan.

“Ons wil mense byeenbring, verhoudings versterk en terselfdertyd bewusmaking skep vir diere. Ons wil 'n stem wees vir die stemloses.”

Een van die hoogtepunte van die dag was 'n unieke honde-modevertoning. Die bekende Boerboel-modelle het die kollig gesteel toe hulle saam met hul viervoetige metgeselle die “loopplank” betree het om ook die honde se persoonlikhede aan die spelers en luisteraars bekend te stel.

Musketeers Pet Groomers het vooraf gesorg dat die honde behoorlik versorg en vertroetel is, sodat elke viervoetige model gereed was om sy of haar oomblik in die kollig te geniet. Die doel was nie net om mense te laat glimlag nie, maar ook om gesprekke oor verantwoordelike troeteldiereienaarskap, aanneming en die versorging van diere aan te moedig.

Stefan Hugo, direkteur van Boerboel Wear, sê die maatskappy is besonder trots om as



Fidelity Security Services was die weners van die dag.

borg saam met Pretoria FM by dié inisiatief betrokke te wees.

“Ons is ongelooflik trots om met Pretoria FM te kon saamwerk tydens hierdie geleentheid. Dit gee ons as 'n maatskappy ook die geleentheid om terug te gee en deel te wees van iets wat groter is as onself. Ons glo dat gee soveel beter is as om te ontvang, en hierdie is vir ons 'n besondere geleentheid om dit prakties uit te leef.”

Terwyl deelnemers hul rolbaltalente ten toon gestel het, het kunstenaars soos Scheppel, Liezel Pieters, Jan Jan Jan, Fatman en Pieter Smith vir die vermaak gesorg, terwyl Luüs en Carla Burg as die seremoniemeesters opgetree het.

Bekende gesigte wat aan die rolbaldag deelgeneem het, sluit in akteurs van Diepe Waters soos Johnny Potsenyane en Christiaan Ackermann, asook die bekende Binnelanders-aktrise Izette Bezuidenhout. Boer Soek 'n Vrou-aanbieder Reandi Grey het ook haar rolbalvernuf ten bate van vierpotiges ingespan, terwyl bekendes soos Ball and Banter, Adré Muller, Rhona Erasmus, Jaakie en Leon Gropp ook onder die dag se deelnemers was.

Luüs sê die twee organisasies wat by die dag gebaat het, Wollies Animal Shelter en Wet Nose Animal Rescue Centre, werk daaglik hard om diere in nood te versorg, te beskerm en 'n tweede kans op 'n veilige en liefdevolle lewe te gee.

“Die Pretoria FM Rolbaldag was uiteindelik veel meer as net 'n sosiale dag. Dit is 'n geleentheid vir die gemeenskap om agter een doel te verenig en die boodskap uit te dra dat elke mens en elke maatskappy die vermoë het om iets terug te gee.”

James Kemp, stasiebestuurder van Pretoria FM, sê hy sien veral uit daarna om te sien hoe hierdie geleentheid oor die volgende paar jare gaan ontwikkel en uitbrei.

“Ek is veral opgewonde om hierdie projek te sien ontwikkel tot iets waarna mense jaarliks uitsien – 'n hoogtepunt op almal se kalender. Ek vertrou dat hierdie net die begin is van iets wat jaar-ná-jaar groter en meer betekenisvol kan word.”

Die Rolbaldag is ná afloop van strawwe uitkloprondtes deur Fidelity Security Services se vierbal gewen. **N**



#vrydagfeite

Die Afrikaanse Taalmonument is deur die argitek, Jan van Wijk, ontwerp en op 10 Oktober 1975 op Paarlberg in die Wes-Kaap onthul - 100 jaar nadat die Genootskap vir Regte Afrikaners, die GRA, gestig is.

Die idee van 'n monument vir Afrikaans is vir die eerste keer op 14 Augustus 1942, tydens 'n seremonie op die plaas Kleinbosch in Daljosafat naby die Paarl, bespreek toe 'n gedenkplaat vir oudlede van die GRA onthul is.

Die monument bestaan uit verskillende groterwordende strukture wat onder meer die verskillende tale wat Afrikaans gevorm het verteenwoordig.

Dit loop van hoog na laag en dui daarop dat die invloed van party tale minder as ander was. Die suile is aanvanklik aparte strukture wat dan saamsmelt om die hooflyn van die monument te vorm. Die hoogste een pryk 13,5 meter die hemel in.

Die drie rondings – waarop jy kan gaan sit vir 'n foto – verteenwoordig die suidpunt van Afrika en simboliseer die invloed van



die Khoi- en ander Afrikatale (waaronder Xhosa, Zoeloe en Sotho) en neem ook in grootte toe.

Die woorde: “DIT IS ONS ERNS” staan op die plaveisel soos jy opkyk na die monument. Dit is woorde wat beroemd geword het in die stryd om die erkenning van Afrikaans.

Die geskiedenis begin met die politikus, J.H. Hofmeyr (Onze Jan) se 1905-toespraak



getiteld, “Is't u Ernst?”. Hy het onder meer vir die herstel van die regte van Hollands gevra en Afrikaanssprekendes die vieste in gemaak deur hulle onder meer “Hollandsch-Afrikaansche boeren” te noem.

Dit was eers net 'n Kaapse stryd, maar in April 1905 begin dit ook in die destydse Transvaal, toe Gustav Preller sy reeks artikels, Laat 't Ons Toch Ernst Wezen in De Volkstem publiseer en met onverbiddelike logika al die argumente van die teenstanders ontsenu het.

Dr. D.F. Malan, die destydse voorsitter van die Afrikaanse Taalvereniging en latere Volksraadslid, het in 1908 ook 'n pleidooi vir Afrikaans gelewer met die toespraak, “Het is ons ernst”.

Die Taalmonument vier ons taal – een van die wêreld se jongste tale, wat in 2025 haar 100ste verjaarsdag as amptelike taal in Suid-Afrika gevier het.

Die Taalmonument roep jou om hom te gaan besoek. **N**

*Bronne: www.taalmuseum.co.za / Afrikaanse Wikipedia / www.weet.co.za

BOERE WEET: ELKE RAND MAAK 'N VERSKIL.

GOODWE
Smart Energy Innovator

Met GoodWe se slim sonkrag- en energiebergingsoplossings kan jy jou plaats se afhanklikheid van duur elektrisiteit verminder en meer op jou eie energie staatmaak. Van besproeing en pompe tot verkoeling en daaglikse bedrywighede – sonkrag kan jou help om langertermijn energiekoste te verlaag.

Kontak Plexus, 'n amptelike GoodWe-vennoot, en ontdek jou besparingspotensiaal.



☎ 010 555 0000





Telkom
RADIO
—  AWARDS

Stem vir
PretoriaFM
en staan 'n kans om
R40 000
te wen

Stem by
www.radioawards.co.za
en klik op
MyStation Competition

Kennisgewings

Boedels: Debiteure / Krediteure

IN DIE BOEDEL VAN WYLE: NANA JOHANNA MAHLANGU

KENNISGEWING AAN KREDITEURE IN DIE BOEDEL VAN WYLE: NANA JOHANNA MAHLANGU

GEBORE: 1 JANUARIE 1924

IDENTITEITSNOMMER: 240101 2096

085 EN NAGELATE EGGENOOT: N/A

IDENTITEITSNOMMER GADE: N/A ADRES:

02141 MAMELODI, MAMELODI WEST, 0122

BOEDELNOMMER: 010111/2025 DATUM VAN AFSTERWE: 31 MEI 2024

Skuldeisers en skuldenaars in bogemelde boedel word hiermee versoek om hulle eise in te dien en hulle skulde te betaal aan die ondergetekende binne 'n tydperk van **30 dae** vanaf **9 OKTOBER 2026** by Hurter Spies Prokureurs – 012 941 9239 of info@hurterspies.co.za.

Publikasiedatum
09-Oktober-2026
NRK1093102

IN DIE BOEDEL VAN WYLE: MARIA KENIKI MAMAKOKO

KENNISGEWING AAN KREDITEURE IN DIE BOEDEL VAN WYLE: MARIA KENIKI MAMAKOKO

GEBORE: 1 JULIE 1945

IDENTITEITSNOMMER: 450701 0450

088 EN NAGELATE EGGENOOT: N/A

IDENTITEITSNOMMER GADE: N/A ADRES:

373 MPHO MOLEMA STREET, SOSHANGUVE,

0152 BOEDELNOMMER: 004084/2026

DATUM VAN AFSTERWE: 18 SEPTEMBER 2025

Skuldeisers en skuldenaars in bogemelde boedel word hiermee versoek om hulle eise in te dien en hulle skulde te betaal aan die ondergetekende binne 'n tydperk van **30 dae** vanaf **9 OKTOBER 2026** by Hurter Spies Prokureurs – 012 941 9239 of info@hurterspies.co.za.

Publikasiedatum
09-Oktober-2026
NRK9168954

IN DIE BOEDEL VAN WYLE: CHARMAINE YSSEL

KENNISGEWING AAN KREDITEURE IN DIE BOEDEL VAN WYLE: CHARMAINE YSSEL

GEBORE: 10 AUGUSTUS 1964

IDENTITEITSNOMMER: 6408100046084

EN NAGELATE EGGENOOT: N/A

IDENTITEITSNOMMER GADE: N/A ADRES:
21 FAIRVIEW COMPLEX, 50 SANLAM ROAD,
LYNNWOOD MANOR, PRETORIA, 0081

BOEDELNOMMER: 006766/2026

DATUM VAN AFSTERWE: 23 JUNIE 2026

Skuldeisers en skuldenaars in bogemelde boedel word hiermee versoek om hulle eise in te dien en hulle skulde te betaal aan die ondergetekende binne 'n tydperk van **30 dae** vanaf **9 OKTOBER 2026** by Hurter Spies Prokureurs – 012 941 9239 of info@hurterspies.co.za.

Publikasiedatum
09-Oktober-2026
NRK6675046

Boedels: Likwidasië / Distribusie

In die boedel van wyle: JOHANNA HENDRIENA VAN WYK
HURTER SPIES INGELYF KENNISGEWING VAN LIKWIDASIEREKENING WAT TER INSAE LÊ

In terme van artikel 35(5) van Wet No 66 van 1965, word hiermee kennis gegee dat duplikate van die **EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING** in die boedel hieronder vermeld, oop sal wees vir inspeksie aan alle belanghebbende persone vanaf **9 OKTOBER 2026 tot 30 OKTOBER 2026**, by die **LANDDROSHOF KEMPTON PARK** en **MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, JOHANNESBURG**.

In die boedel van wyle: JOHANNA HENDRIENA VAN WYK

Identiteitsnommer: 460812 0015 082 Laaste

Adres: 17 SEDER WEG, BIRCHLEIGH, KEMPTON PARK, 1620

Boedelnommer: 024566/2020 Langslewende gade se naam en van: JACOBUS JOHANNES CHRISTIAN VAN WYK

Identiteitsnommer: 450302 5083 089 Indien geen besware daarteen by die betrokke Meester of Landdroshof gedurende die gespesifiseerde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur voortgaan om uitbetalings te maak in ooreenstemming met die rekening.

Adverteerder: HURTER SPIES INGELYF

Adres: Posbus 14505, Lyttelton, 0140

Telefoon: 012 941 9239 KENNISGEWING

GEPLAAS TE WORD OP: 9 OKTOBER 2026

Publikasiedatum 09-Oktober-2026

NRK5304224

INSOLVENSIE REGSFIRMA



Francois Uys Prokureurs is 'n Pretoria-gebaseerde insolvensieregsfirma wat spesialiseer in Sekwestrasies, Likwidasies en Rehabilitasies vir Individue en Maatskappye.

Francois Uys, as 'n regsfirm, is al vir meer as 33 jaar suksesvol in die verteenwoordiging van individue en korporasies in komplekse en uitdagende sake.

ONS DIENSTE



Sekwestrasie



Likwidasie



Rehabilitasie

KLIK HIER VIR MEER INLIGTING > www.uysincorp.co.za

+27 12 654 9247 | web@uysincorp.co.za

P^{FM}
Pretoria

25%

afslag

op Nuusweek-regskennisgewings



Om jou regskennisgewings te adverteer,
stuur nou 'n e-pos na

adverteer@pretoriafm.co.za



Jou regskennisgewings word in
Pretoria FM se e-publikasie,
Nuusweek, asook op ons
webblad gepubliseer



Om toegang tot die
regskennisgewings te verkry
besoek

www.nuusweek.co.za

Nuusweek

— Regskennisgewings —

Bepalings en voorwaardes geld.

Lesers se beurt

Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.

Die berig wat die meeste reaksie uitgelok het, het gehandel oor die kruise van Lex Libertas se Witkruisprojek wat dalk by die Uniegebou opgerig gaan word. Lesers het die volgende daaroor te sê gehad:



Soempie Olivier

Ek is bevrees dit sal nie toegelaat word nie.

Ilse Broberg

Asseblief, moenie, dit sal daar verwoes word. Liewer by die Voortrekkermonument.

Wilma van Staden

Vat dit na die Monument toe.

Frikkie Booysen

Ramaphosa sal dit nie toelaat nie.

Leàndi Stevens Jonker

Hulle sal dit gaan afbreek deur die nag ... moenie!!



Willien Stronach

Laat dit liewer daar, daar is beter maniere om die saak te hanteer as die wêreldse simbole.

Daniel Rossouw

Rassistiese ANC met al sy kaders sal dit weier. Orania sal dit wel toelaat by oom Paul se monument.

Gerda Marr


Malema en kie gaan 'n stokkie daarvoor steek! Daai kruise gaan in elk geval verniel word! In ons land kan jy nie so iets eers probeer nie.

Elna van Vreden

Los maar liewer, dit gaan nie die tipe bewustheid skep wat jul benodig nie.

Ons wil graag van jou hoor.

Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.



ANC se linkse vriende val een ná die ander



Vroeg in Maart vanjaar was president Ramaphosa op 'n indrukwekkende staatsbesoek aan Brasilië. Sy groot vriend, die aartssosialis en president van Brasilië, die grootste land (demografies, ekonomies en geografies) in Suid-Amerika, Luiz Lula da Silva, het Ramaphosa met ope arms ontvang. Daar is baie gepraat oor die stryd teen imperialisme (lees: Trump en die VSA), die toenemende belangrikheid van Brics en die Globale Suide, asook byna nostalgiese temas soos anti-apartheid-solidariteit en multilateralisme.

Nadat die Trump-administrasie in die VSA aanvanklik besluit het om Suid-Afrika, en dus eintlik maar Ramaphosa, nie na vanjaar se G20-beraad in Desember in Florida te nooi nie, het Frankryk ook sy uitnodiging aan Ramaphosa teruggetrek om die G7-beraad, wat Junie in die suide van Frankryk plaasgevind het, as gas by te woon. Ramaphosa se internasionale glans het dus in 2026 wesenlik verdof ná verlede jaar se G20-beraad in Johannesburg, wat een doel gehad het: om Suid-Afrika as internasionale rolspeler te posisioneer.

Sedert 1994 is Suid-Afrika, onder leiding van die ANC, deel van 'n sogenaamde progressiewe, eintlik maar linkse of sosialistiese, globale groepering van lande. In daardie opsig was Ramaphosa se besoek aan Brasilië natuurlik vir hom en sy kwynende ANC van groot belang. Die boodskap moes duidelik wees: Donald Trump is 'n eenmalige verskynsel. Sy isolasie van Suid-Afrika sal ná 2028 se Amerikaanse presidentsverkiezing verby wees en Suid-Afrika moet eintlik maar net tot dan vasbyt.

Tog was die Da Silvas van die wêreld skaars. Terwyl Trump en sy regering die druk op Ramaphosa en sy regering verhoog het, was lande soos Indië, China en selfs liberale regerings in Kanada, Australië en talle Europese lande tjoepstil. Da Silva, leier van die wêreld se tiende grootste ekonomie, was egter uitgesproke pro-Ramaphosa. Die ander leier was Pedro Sánchez, eerste minister van Spanje.

Sánchez het die afgelope agt jaar die gesig van die linkse beweging in Europa, en eintlik die hele Westerse wêreld, geraak. Kort ná Ramaphosa se besoek aan Brasilië

in Maart, is hy in April deur Sánchez genooi na die eerste sogenaamde "Defence of Democracy"-konferensie in Barcelona, eintlik maar 'n groot internasionale byeenkoms van linkse partye en leiers. Hier kon Ramaphosa weer sy indirekte aanvalle op Trump en die VSA uitvoer en homself skaar by die progressiewe wêreldorde waarvan Sánchez die afgelope tyd die gesig geword het.

In Januarie verlede jaar, sewe dae ná Donald Trump se inhuldiging as Amerikaanse president, het nege lande met harde linkse regerings, Belize, Bolivië, Colombië, Kuba, Honduras, Maleisië, Namibië, Senegal en Suid-Afrika die Den Haag-groep gestig. Spanje, juis omdat die land ook 'n harde linkse regering het en wat uiters krities teen Israel staan, is ook genooi om deel te word. Die doel van dié groep was vanuit die staanspoor om Israel by die Internasionale Geregshof en die Internasionale Strafhof, albei geleë in Den Haag, oor beweerde menseregteskendings in Gasa en die Wesoewer te vervolg. Die twee lande wat leiding sou neem was Suid-Afrika en Colombië.

Die ANC het oor dekades, nog lank voor 1994, hoogs twyfelagtige verhoudinge met partye en individue in muishondlande gehandhaaf. Die verhouding met vriende soos die Castros in Kuba, die nou gevange voormalige president van Venezuela, Nicolás Maduro, en die ajatollas in Iran, is een van die redes waarom daar die afgelope 20 maande soveel spanning tussen Suid-Afrika en die VSA ontstaan het. Natuurlik speel Suid-Afrika se noue bande met Rusland en China ook 'n rol.

Niks hiervan het egter die ANC en Ramaphosa geskeel nie. Want Trump was in hulle oë 'n eenmalige, unieke, geïsoleerde uitdaging wat sou oorwaai. Intussen het Colombië een van die mees regse presidentie in die demokratiese wêreld verkies en sal dié land nie meer deel uitmaak van die Den Haag-groep nie. Maduro is in 'n tronk in New York. En Da Silva en Sánchez het binne die bestek van 24 uur waarskynlik die begin van die einde van hul politieke loopbane aanskou.

Die afgelope maande het Da Silva voorgeloopt in peilings in aanloop

tot die eerste ronde van Brasilië se presidentsverkiezing. Sy aartsvriend, die regse Jair Bolsonaro, is immers in huisarres nadat 'n linkse regter in Brasilië se hoogste hof hom tronkstraf opgelê het in 'n klassieke voorbeeld van politieke vervolging. Bolsonaro se seun, Flávio, is egter 'n prominente senator en selfs 'n veel beter, slimmer en meer geslypte politikus as sy pa.

In Sondag se verkiesing het die jonger Bolsonaro eerste geëindig met 47% van die stemme teen Da Silva se 45%. Daar word die afgelope week algemeen in Brasilië aanvaar, deels omdat baie ander regse kandidate heelwat van die oorblywende steun gekry het, dat Bolsonaro op 25 Oktober as Brasilië se president verkies sal word.

Terwyl die laaste stemme Maandagoggend (Europese tyd) in Brasilië getel is, het die Spaanse eerste minister Sánchez die val van sy linkse regering aangekondig. 'n Vroeë verkiesing sal op 29 November plaasvind. Hy het vroeër vanjaar burgerskap aan 'n halfmiljoen onwettige immigrante uit die Derde Wêreld toegeken, terwyl hy 'n uitgesproke sosialis en anti-Trumper was. Daar is min kans dat Sánchez nog 'n geleentheid sal kry om Spanje te regeer. Hy het drie jaar gelede eintlik die verkiesing verloor, maar kon met 'n groep linkse partye saamwerk om, ten spyte daarvan dat sy Sosialiste tweede geëindig het, 'n koalisieregering saam te stel. Ná November gaan Spanje waarskynlik sy mees regse regering in dekades kry.

En so val Ramaphosa en die ANC se linkse vriende die een na die ander. Terwyl talle stilbly en wegkyk terwyl Suid-Afrika in 2026 toenemend op die wêreldverhoog geïsoleerd raak, is die uitgesproke figure óf uitgestem óf in die tronk óf op pad uit. Hopelik volg die ANC in die spore van hierdie vriende, want die alternatief vir ons land is net groter globale isolasie, selfs nadat Trump nie meer daar is nie, aangesien die wêreldwye verskuiwing na regs oor veel meer as net Donald Trump gaan. In hierdie opsig het die ANC en Ramaphosa hulself lelik misgis. **N**

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*



Ons leef in 'n tyd waar dit amper onmoontlik is om nie bang te wees vir KI nie. Maak enige nuuswebwerf oop of blaai deur sosialemediablade en jy word dadelik gebombardeer met berigte oor hoe kunsmatige intelligensie alles gaan verwoes. Die storie is altyd min of meer dieselfde: KI gaan ons werk vat, ons kreatiwiteit vernietig en ons mense op die ou end heeltemal irrelevant maak.

Maar sê nou ons verstaan dit eintlik heeltemal verkeerd? Want as jy bietjie dieper dink, lyk dit asof hierdie tegnologie ons juis gaan dwing om weer te ontdek wat dit regtig beteken om mens te wees.

Die idee dat KI ons kreatiwiteit gaan doodmaak, maak net nie sin nie. Ja, dit is waar dat programme soos ChatGPT redelik vinnig 'n opstel kan uitspoeg of 'n prent kan genereer. Maar hierdie tegnologie skep niks werklik nuuts nie, dit meng net al die goed saam wat mense al oor honderde jare gemaak het. KI het geen siel nie. Dit weet nie hoe dit voel om seergemaak te word nie, om nostalgies te raak oor 'n koue oggend in die Karoo of om vir die eerste keer verlief te raak nie. Kuns, musiek en

stories kom juis uit daardie diep, soms pynlike deel van ons menswees. 'n Algoritme kan dit probeer namaak, maar dit sal dit nooit regtig weet nie.

In plaas daarvan om KI as iets te sien wat ons moet vrees, dink ek ons moet dit meer as 'n spieël beskou. Dit wys vir ons wat oorbly as die roetine en meganiese werk wegval. En eerlikwaar, dit is tyd. Ons skole en werkplekke het vir jare mense soos robotte behandel: Memoriseer feite, herhaal take, dink binne netjiese blokkiegrense. Nou dat KI dit alles vinniger en beter kan doen, word ons vrygelaat om te fokus op die goed wat net mense kan doen, soos empatie hê en krities dink. Soos om besluite te neem oor moeilike etiese kwessies. Dit is die goed wat KI nie kan vervang nie.

Kyk net hoe die werksplek verander. Die vrees vir werkloosheid is verstaanbaar, maar geskiedkundig het elke groot tegnologiese omwenteling ou werk laat verdwyn en nuwe, interessanter werk

MEER MENS, DANKSY KUNSMATIGE INTELLIGENSIE (KI)



geskep. Die prokureur van die toekoms gaan nie meer ure mors om deur stapels dokumente te soek nie, KI doen dit in minute. Maar dit beteken die prokureur kan nou meer tyd spandeer aan wat regtig saak maak: soos om die kliënt se situasie werklik te verstaan, slim te onderhandel en moeilike etiese vrae te beantwoord.

Die regte gevaar van KI is eintlik nie die tegnologie self nie, dit is ons eie luiheid – om op te hou dink. As ons sommer net alles aan algoritmes oorgee, gee ons ook ons vermoë weg om self besluite te neem. Die uitdaging is dus om onself te leer om KI as 'n vennoot te gebruik, nie as 'n vervanging vir ons eie brein nie. Ons moet aanhou die regte vrae vra, die antwoorde

bevraagteken en nie bang wees om grense te stel nie.

Die toekoms behoort nie aan KI nie, maar ook nie aan die mens wat weier om daarmee saam te werk nie. Dit behoort aan die mens wat die tegnologie slim gebruik om meer te doen, meer te voel, en meer te beteken. KI is nie hier om ons plek in te neem nie. Dit is hier om ons te bevry van die alledaagse sleur, sodat ons uiteindelik meer mens kan wees. **N**

**Von Below is 'n honneursstudent aan Akademia en tans besig met 'n internskapprogram by Pretoria FM.*

7 Oktober: Waar bevind die wêreld hulself 3 jaar later?



Waarom het die gebeure in die Midde-Ooste betrekking op die regte van Suid-Afrikaners?

Gebeure in die Midde-Ooste beïnvloed die pryse van brandstof en voedsel. Omdat ons meer tyd op sosiale media spandeer, word ons beïnvloed deur wat op ander plekke van die wêreld gebeur. Mense kies kant en lug hul opinies, en dit veroorsaak ook vrywing by die werkplek en elders.

Dit is nodig om te weet wat die waarheid is.

Op 7 Oktober 2023 het duisende inwoners van Gaza Israel binnegeval, onskuldige mans, vroue en kinders vermoor, verkrag en verbrand, en 250 as gyselaars geneem. Shiri (32), Ariel (4) en Kfir Bibas (8 maande) was onder die gyselaars. 1200 burgerlikes is op een dag vermoor: die grootste slagting van die Joodse volk sedert die Tweede Wêreldoorlog.

Die simpatie van die wêreld was kortstondig en daarna is Israel weer veroordeel en van buitewereldse geweld beskuldig.

7 Oktober het nie onverwags gebeur nie. Terreurgroepe in Gaza het vir jare voor 2023 duisende vuurpyle op Israel afgevuur. Die konflik het dekades voor 7 Oktober bestaan. Israeliese burgerlikes het lank voor 2023 met Palestynse terreuraanvalle, vuurpyle en ander geweld te doen gehad.

Israel het in 2005 uit Gaza onttrek. Alle Israeliese nedersettings is ontruim en die permanente militêre teenwoordigheid binne Gaza is beëindig.

Hamas het daarna die 2006- Palestynse verkiesing gewen en in 2007 beheer oor Gaza oorgeneem.

Hamas het 'n massiewe en uitgebreide ondergrondse tunnelstelsel gebou om Israel aan te val, wat volgens sommige ramings groter as die New Yorkse moltreinstelsel is, maar hierdie tunnels is net vir Hamas se militêre doeleindes gebou en nie as bomskuilings vir die burgerlike bevolking van Gaza beskikbaar gestel nie. Duisende Gaziete het voor 7 Oktober permitte gehad om in Israel te werk, waar hulle aansienlik hoër lone kon verdien as in Gaza.

Pasiënte uit Gaza is ook in Israel behandel. Voor die oorlog het pasiënte permitte ontvang om Gaza te verlaat vir mediese behandeling, hoewel die permitstelsel ook beperkings gehad het.

Israel se veiligheidsbeleid teenoor Gaza het dus 'n geskiedenis. Die 2005-onttrekking

is deur Israel voorgestel as 'n geleentheid om wrywing te verminder en Palestynse ontwikkeling te bevorder. Daarna het Hamas se oornam, herhaalde vuurpylvuur en uiteindelik 7 Oktober gevolg.

Die wêreld het so verander ná drie jaar dat antisemitiese proterreurgroepe nou herdenkingsgeleenthede vir 7 Oktober hou ter ondersteuning van Hamas en Hezbollah. Net onlangs was daar 'n protesoptog in Kaapstad waar Hamas- en Hezbollahvlae vertoon is. Kan jy jouself indink dat pro-Nazi-optogte te sien sou wees ná die Tweede Wêreldoorlog?

Ongelukkig, as gevolg van die tragiese gebeure in die Midde-Ooste, ervaar die Joodse gemeenskap in Suid-Afrika meer antisemitisme as ooit tevore. Dit het ons nader aan mekaar gebring en almal meer bewus van veiligheid gemaak.

Ná drie jaar het die wêreld heeltemal vergeet wat op daardie verskriklike dag gebeur het en fokus dit slegs op die gebeure wat daarop gevolg het en Israel se reaksie. Israel, en Jode in die algemeen, word van verskriklike dinge beskuldig. Daaroor hoef nie uitgebrei te word nie.

Van die 250 gyselaars het net 168 lewend teruggekom, en Israel het baie duur betaal deur 4 190 terroriste vry te laat in ruil vir die lewende en vermoorde Israeliese gyselaars.

Daar is 'n sterk menslike kant aan die verhaal van die gyselaars wat dikwels verlore raak wanneer ons net oor getalle praat. Die vraag is wat met hierdie mense gebeur nadat hulle terugkeer huis toe.

Hoe bou jy weer 'n lewe nadat maande of selfs jare van jou lewe van jou gesteel is?

Rom Braslavski is een van die mense vir wie dit moeilik is om selfs van "herbou" te praat. Hy is ná 737 dae in Gaza vrygelaat. Hy het sedertdien openlik gepraat oor sy stryd met trauma en hoe sy eie oorlog nie noodwendig geëindig het toe hy huis toe gekom het nie. Hy probeer sy lewe hervat, maar praat ook in die openbaar oor wat hy in gevangenskap ervaar het.

Yarden Bibas het ná 484 dae teruggekeer, maar sonder sy vrou, Shiri, en sy twee klein seuntjies, Ariel en Kfir. Hy het hom later in die Golanhoogte gevestig, die plek waarheen hy en Shiri voor 7 Oktober gehoop het om saam met hul kinders te verhuis. Hy probeer weer 'n daaglikse lewe opbou, maar het gesê dat die lewe sonder sy vrou en kinders vir hom moeiliker is as die gevangenskap self. Vir Yarden beteken

"herbou" dus nie om aan te beweeg nie, maar om te leer hoe om voort te leef met 'n verlies wat nooit werklik verdwyn nie.

Eli Sharabi het 491 dae in gevangenskap oorleef. Eers nadat hy teruggekeer het, het hy die volle waarheid verneem dat sy vrou, Lianne, en hul dogters, Noiya en Yahel, op 7 Oktober vermoor is.

Sedertdien het hy sy boek *Hostage* geskryf, internasionaal oor sy ervaring gepraat en sy stem gebruik om die verhaal van die gyselaars te vertel. Hy het ook betrokke geraak by pogings om families wat trauma beleef het, te ondersteun. Hy probeer sy verlies in iets omskep wat ander mense kan help.

Emily Damari het op 'n heel ander manier begin om haar lewe terug te neem. Sy het in Augustus 2026 met Danielle Amit getrou en 'n klerereeks met die boodskap "Never Lose Yourself" begin. Vir haar het gewone dinge wat die meeste mense as vanselfsprekend aanvaar, ná gevangenskap nuwe betekenis gekry. Haar nuwe lewe gaan oor verhoudings, werk en die herwinning van haar eie identiteit.

Dan is daar Liri Albag, Naama Levy, Karina Arie, Daniella Gilboa en Agam Berger, die jong Nahal Oz-soldate. Hulle het saam 'n lang rehabilitasieproses deurgedaan. Liri probeer weer voluit leef, terwyl Agam na haar viool en haar geloof teruggekeer het. Vir hierdie jong vroue beteken herstel nie dat 7 Oktober vergeet word nie. Dit beteken dat hulle weier dat 7 Oktober die res van hul lewens bepaal.

Drie jaar ná 7 Oktober gaan die verhaal van die gyselaars dus nie meer net oor wie ontvoer en wie bevry is nie. Dit gaan oor Yarden Bibas wat moet leer om sonder sy vrou en kinders te leef, Eli Sharabi wat sy verlies in 'n doel probeer omskep, Rom Braslavski wat steeds elke dag teen trauma veg, Emily Damari wat trou en 'n besigheid begin, en Hagar Brodutch wat leer bak omdat sy weer iets met haar eie hande wil skep.

Ná drie jaar staan Israel op die vooraand van 'n verkiesing, en dit sal wys waar die Israeliese publiek hulself polities bevind. Op 27 Oktober sal die wêreld sien waarheen die mense Israel wil stuur. **N**

**Wesseloo is 'n vryskutjoernalis by die South African Jewish Board of Deputies. Sy opinies is sy eie.*



Lamola, die Amerikaanse ambassadeur, die gewraakte “kombuis”-stelling en die Klaargepraat-lat

Miskien is dit net daardie tyd van die jaar. Die geduld is min. Die gemoed is laag. En dit is asof selfs die buurman se brak meer kef as gewoonlik. Praatjies van “heerlike lente” en “Oktober, die mooiste, mooiste maand” is skynbaar lank reeds vergete.

Dit is egter te betwyfel of dit bloot “daardie tyd van die jaar” is wat Leo Brent Bozell III, die Amerikaanse ambassadeur in Suid-Afrika, se geduld met die Suid-Afrikaanse regering tot op die randjie van die afgrond gedwing het. Punt is, hy het klaar gepraat. (Amper soos daardie lat wat onnies op skool gehad het – wanneer hy “klaar gepraat” het, moes Klaargepraat maar die praatwerk op die sitvlak doen.)

Oor dié gepraat tussen Suid-Afrika en die Amerikaners is al koerante vol geskryf, lang onderhoude gevoer en vuur aan albei kante van die Atlantiese Oseaan gespoeg. Amerika se stel versoeke aan die Suid-Afrikaanse regering is voorgelê, maar helaas skop Suid-Afrika vas soos ’n steekse donkie. Oor toegewings om eiendomsreg te beskerm, plaasmoorde te prioriteer, “Kill the Boer” te veroordeel, en Amerikaanse maatskappye vry te stel van swart ekonomiese bemagtiging is daar skynbaar g’n sprake nie.

Dié onbereidwilligheid om selfs net een van dié sogenaamde “asks” van die VSA toe te staan – ondanks maande en maande se gesprekke – het almal nou keelvol, meen Bozell Sondag in ’n onderhoud met *Fox Digital News*. Volgens Bozell is president Donald Trump en Marco Rubio, die Amerikaanse minister van buitelandse sake, se geduld nou op met dié “eindelose gesprekke” en dring hulle nou aan op

antwoorde van die Suid-Afrikaners. Die tyd vir praat is verby, het Bozell dit duidelik gemaak.

Bozell se ferm maak-nóú-jou-skuifbenadering het Ronald Lamola, die Suid-Afrikaanse minister van buitelandse sake, egter dwars in die krop gestee. In ’n onderhoud met *Sunday Times* die afgelope naweek het Lamola aangevoer hy is “verbaas” oor Bozell se standpunt dat “die tyd vir praat verby is”. Hy het na die ambassadeur gekap en volgens ’n berig wat Maandag op *Netwerk24* verskyn het, gesê: “Jy kan nie ’n diplomaat hê wat sê die tyd vir praat is verby nie. Dit is ons werk om te praat. As jy dus nie kan praat as ’n diplomaat nie en jy kan nie dialoog voer nie ... kom uit die kombuis uit.”

Die ambassadeur se antwoord hierop op X was reguit en ondubbelsinnig. “Hier gaan ons weer,” het hy geskryf en Lamola se uitlatings bestempel as ’n “persoonlike aanval op ’n Amerikaanse leier [...] wat wanneer ek dit veroordeel wat ek nou doen, sal dit lei tot ’n démache met ’n vermaning oor ‘ondiplomaties’ wees.”

In reaksie hierop het Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, op X gereageer en ook na Lamola gekap as ’n man wat “óf glad nie verstaan hoe om Suid-Afrika se belange eerste te stel nie, óf sy verouderde Koue Oorlog-ideologie dryf hom daartoe om die verhouding tussen Suid-Afrika en die VSA doelbewus te saboteer”.

Die burgerregteorganisasie het selfs teen Donderdag ’n beroep op die vennote in die Regering van Nasionale Eenheid (RNE)

gedoen om amptelik beswaar aan te teken teen die ANC se huidige hantering van internasionale betrekkinge met die VSA.

Intussen het Ofentse Davhie, ’n navoringsgenoot verbonde aan die Centre for Risk Analysis, geen doekies omgedraai in sy kritiek op Lamola wat die afgelope naweek in *Business Day* verskyn het nie. Davhie meen Lamola se optrede dryf die wig tussen Suid-Afrika en die VSA net dieper en dieper in. Sy antwoord? Ramaphosa moet Lamola uit dié kritieke amp skuif. Nie om noodwendig sake oornag reg te ruk nie, maar om minstens te verhoed dat die skade wat dié minister aanrig end kry.

Maar wat bly nou intussen oor vir die land en sy mense? *Solidariteit* het vroeër hierdie week gewaarsku dat die verswakkende handelsbetrekkinge met die VSA moontlik op ’n ramp afstuur. ’n Besluit oor Agoa, oftewel die Amerikaanse Wet op Groei en Geleenthede in Afrika, sal na verwagting in November aangekondig word en bepaal of Suid-Afrika se plek as begunstigde land in dié ooreenkomst nog in 2027 sal geld. Indien die land uit Agoa geskop word, kan meer as ’n halfmiljoen Suid-Afrikaanse werksgeleenthede in die spervuur beland, berig *Maroela Media*.

En wanneer dit gebeur, sal die land en sy mense op die harde manier kennis maak met die Klaargepraat-lat – daardie lat van ouds wat menige onnie sou uitpluk wanneer hy keelvol geraak het vir praat en soebat. **N**

**Nieuwoudt is die hoof van media by AfriForum*



Padlang's

Alta Strauss

Kragdadigheid van 'n boer

Daar is 'n spesifieke soort waagmoed wat 'n mens in landbou leer ken – die waagmoed om op te tree voordat omstandighede noodwendig gunstig of perfek daar uitsien. Die kragdadigheid om jou plan te volg, al voel jou motivering nie altyd op 'n hoogtepunt nie. Wanneer dit kom by landbou is daar nie die luuksheid van wag totdat alles ideaal is of reg in plek val nie. In boerdery is daar só baie veranderlikes wat op hul beurt hul eie eise stel.

Boerdery leer ons iets van die lewe, wat in baie ander areas maklik misgekyk word. Soos dat om te wag vir die perfekte tyd, of totdat daar geen onsekerhede is nie, of totdat alles net reg voel, niks anders as 'n illusie is nie. Die regte tyd kom baie selde op sy eie, maar is dikwels die samekoms en uiteinde van goeie beplanning, strategie, konsekwentheid en toewyding.

Wanneer 'n boer besluit om iets aan te pak, doen hy of sy dit nie net met hoop nie, maar met innerlike vasberadenheid. Dit is nie 'n gevoel nie, maar 'n wete dat ongeag die uitkoms hulle alreeds weet presies wat hulle gaan doen, hetsy of die uitkoms gunstig of minder gunstig is, goed of sleg.

Dit is daardie doelgerigte beslistheid wat van buite af dalk eenvoudig mag lyk, wat die soliede fondasie is waarop gebou word. Daardie elke oggend vroeg opstaan, daar die een ekstra stuk grond wat voorberei word, daardie een ekstra kanaal wat gebou word, daardie een ekstra stuk pad

wat geskraap word. Dis take wat nie altyd opwindend is nie, maar dis meer as net nog 'n taak, meer as net nog 'n werksdag. Dit is 'n stel beginsels waarvolgens hulle leef, beweeg en bestaan. Want vertroue word nie gebou deur daardie “regte” gevoel nie, maar deur dade, en deur 'n projek aan te pak en deur te sien.

Moenie wag vir selfvertroue om strategie, toewyding en gedetermineerdheid te vervang nie. Wees kragdadig in die uitvoer van jou planne. Goeie beplanning en strategie gee struktuur aan 'n projek. Alhoewel selfvertroue nodig en goed is, is dit getrouheid en konsekwentheid wat die volhoubaarheid van iets bepaal.

Toewyding en lojaliteit is om aan te hou om die regte ding te doen, al sien jy nog nie die vrugte aan die boom nie. Dit is om te werk en op te daag op die moeilike dae en die dae waarop daar nie die toejuiging van 'n skare is nie. Dit is om die dag aan te gryp selfs al is jy nie seker van die uitkoms nie. Te ploeg en te plant al het die reën nog nie geval nie. Getrou te versorg en in die proses te leer en te groei, aan te hou en te volhard. Hierdie deursettingsvermoë slyp karakter en vorm integriteit. Harde werk, toewyding en konsekwentheid oortref uiteindelik enige hoeveelheid natuurlike talent.

Talent mag dalk 'n goeie vertrekpunt wees, maar nie genoeg om jou die eindpunt te laat bereik nie. Dit kan aan jou 'n voorsprong gee, maar nie volhoubaarheid

waarborg nie. Talent mag dalk jou voet in die deur kry, maar toewyding is nodig vir die momentum om voort te bou, terwyl deursettingsvermoë aan jou die veerkragtigheid gee om op te staan selfs in die aangesig van teenstand.

Daarom is dit belangrik om 'n langtermynvisie te hê en nie kortsigtig met jou toekomsplanne om te gaan nie. Om soos 'n boer elke oggend op te staan, te kyk na dit wat jy tot jou beskikking het, te oorweeg en te bereken wat jy gaan nodig hê. Om aan die werk te spring en te doen wat jy kan met dit wat jy het. Met integriteit en deug daarmee om te gaan. Nie jou beginsels prys te gee nie, maar aanpasbaar genoeg te wees om jou benadering tot 'n saak te verander om sodoende met nuwe en innoverende idees na vore te kom.

Die kern van hierdie boodskap is eenvoudig, maar nie oppervlakkig nie, en dit is dat die “regte” tyd nie 'n gevoel is nie, maar 'n ingesteldheid. Dat sukses nie gebore word uit oomblikke van inspirasie nie, maar deur op te daag selfs op die stil en moeilike dae. Nie te wag totdat jy reg en gereed voel vir die uitdaging nie, maar die uitdaging toe te laat om jou reg te slyp vir die selfs groter sukses en hoër vlak van uitnemendheid wat kom. **N**

**Alta Strauss is 'n breinprofielpraktisyn, motiveringspreker en skrywer.*

Die ander kant van die dorp

Uittreksel met aanpassings uit Deur dik en dun – lekker kos en stories uit ou Pretoria deur Riana Mulder



PRETORIA HISTORIA

Riana Mulder

Aan die noordwestekant van die dorp het die Berlynse Sendinggenootskap in 1866 'n sendingstasie op die plaas Frischgewaagd begin, en 'n kerk en 'n skoolgebou (die plek is daarna Schoolplaats genoem). Die stigting van die dorp het baie arbeiders van die platteland gelok, en die Sendinggenootskap wou aan hierdie mense 'n heenkome bied en sendingwerk onder hulle doen.

In dieselfde omgewing was 'n Ndebeledorpie onder hoofman Maraba, wat uiteindelik in die 1880's ook op Schoolplaats gaan woon het, en soms as tolk in die dorp gewerk het. Teen 1884 was daar reeds 70 swart gesinne op Schoolplaats, wat 'n stremming op die gebrekkige infrastruktuur begin plaas het en 'n gesondheidsrisiko veroorsaak het. Die Sendinggenootskap en die Stadsraad het dus ooreengekom dat 'n groter area wes van Schoolplaats opsygesit sou word, wat onder die genootskap se beheer sou wees, maar deur die stadsraad onderhou sou word. Die gebied is vernoem na hoofman Maraba (Marabastad).


Tussen 1893 en 1894 is 'n gebied net suid van Marabastad vir die groeiende Indiërgemeenskap opsygesit, en in 1894 is daar ook 'n sogenaamde Cape location vir die kleurlinggemeenskap begin. Alhoewel wetgewing onderskeid gemaak het tussen die verskillende groepe, was die gemeenskap geïntegreer en het almal saamgewoon en saam swaargekry. Indiërs is toegelaat om in hulle gebied eiendom te besit en winkels op te rig (die latere Asiatic Bazaar) en het ook die Mariammen-tempel en 'n moskee gebou. Tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het meer mense ingestroom en Nuwe Marabastad het ontstaan. Teen 1906 was al die verskillende dele egter reeds saamgesnoer en net bekend as Marabastad.

Daar is baie verhare van swaarkry en deurstettingsvermoë uit die Marabastad-gemeenskap. Een daarvan is die van Valiamma Dharmalingam, wat saam met haar man Rathnasamy in die vroeë

1900's na Marabastad getrek het. Valiamma het ses van haar dertien kinders aan siektes verloor voordat haar man ook aan 'n hartaanval oorlede is. Sy het nie die opsie gehad van moed opgee nie; sy moes op een of ander manier vir haar kinders sorg en 'n dak oor hulle koppe hou. Dit het sy gedoen deur 'n smous te word. Sy het 'n perd en karretjie in die hande gekry en elke oggend die hele dorp deurgery, op soek na leë bottels wat sy by die mark gaan verruil het vir vis en groente. Terug by haar huis het sy hierdie goedere verpak en op 'n kruiswaag deur die strate gestoot en verkoop. Daar is agter haar rug spottend na haar verwys as Fish Mary, maar haar dogter Thanga was trots op ha Fish Thanga, want sy het haar ma moes werk om te hou.

Valiamma was gelukkig dat haar man voor sy dood hulle huis gekoop het, en dat sy en haar kinders ten minste 'n erf gehad het wat net hulle s'n was. Baie gesinne moes destyds saam in een vertrek woon en met 'n paar ander gesinne hulle erwe deel.

Sy kon ook staatmaak op haar broers, wat gesorg het dat sy en haar gesin nooit ernstig gebrek gely het nie, al het hulle self ook swaargekry. Haar bure het nie omgee om die kleiner kinders op te pas terwyl sy gewerk het nie, en het ook gehelp met die kinders se godsdienstige opvoeding, want daarvoor het Valiamma self nie tyd gehad nie.



Op Friedrich Jeppe se kaart van Pretoria, 1878, kan Schoolplaats links bo gesien word.



Een van die vroegste foto's van Marabastad.

[Foto: Straat- en plekname van Ou Pretoria]

So het die mense mekaar ondersteun,
en wat hulle gehad het vrylik met ander
gedeel.**N**

**Mulder is die redakteur van Pretoria
Historia wat gelees kan word by
www.pretoriahistoria.com*



Die Boekeblad

met Graffiti Boeke

Nuut op die rak



Liewe Heksie en die rotbende – Verna Vels

Illustrasies: Luma Animation Studio

R285.00 – Human & Rousseau

Liewe Heksie se grootste avontuur nog!

In hierdie splinternuwe, voorheen ongepubliseerde verhaal deur die legendariese Verna Vels, bedink die nare Geelheks van Gifappeltjies en 'n bende honger rotte 'n plan om die kosbare Silwer Roos te steel.

Liewe Heksie en haar vriende word meegesleur in 'n dolle jaagtog om Blommeland te red, met 'n vlieënde piering wat moleste maak, 'n hondskoel wat die Gifappeltjies wil byt, en koning Rosekrans se verjaardagviering wat in chaos ontlaai! Vir meer as sestig jaar het Liewe Heksie geslagte Afrikaanse lesers, jonk en oud, betower met haar herkenbare onskuld en moed.

Met haar radioprogramme, boeke en televisiewerk het Verna Vels 'n onuitwisbare wêreld van verbeelding nagelaat. Hierdie betowerende boek, met sy oorsprong in Verna se samewerking met die animasiekunstenaar Allan Cameron en Luma Animation Studios, word al die geliefde karakters en stories saamgeweef om Liewe Heksie se tydlose towerkrag vas te vang soos nog nooit tevore nie.

Bestel dit aanlyn by www.graffitibooks.co.za

My lewe van oorwinning – Joyce Meyer

R320.00 – LUX VERBI

In hierdie eerlike en roerende memoires deel die geliefde TV-persoonlikheid en topverkoperskrywer Joyce Meyer die onvergeetlike verhaal van haar moeilike grootwordjare, haar roeping vir die bediening en God se genesende hand op haar lewe.

Ná haar pa se terugkeer van die Tweede Wêreldoorlog word sy groot in omstandighede verwring deur meedoënlose woede en seksuele misbruik. Tog is dit uit hierdie traumatiese beginjare dat sy na vore tree as 'n baanbreker op vele terreine. Haar verhaal is 'n lewende getuigenis van God se vermoë om selfs diegene wat die diepste gewond is te genees en te verlos.

My lewe van oorwinning vertel hierdie verhaal met dieselfde onwrikbare eerlikheid, vasberade geloof en verrassende humor wat Joyce se onderrig oor die afgelope vyf dekades gekenmerk het.

Bestel dit aanlyn by www.graffitibooks.co.za

Beneweling van bloed – Pieter Stoffberg

R350.00 – Penguin Random House SA

Professor Nino Everhard se verlede kom haal hom in.

'n Ongehude student laai haar baba in die middel van die nag by omstrede teologieprofessor Nino Everhard af.

Dan bel 'n jong meisie op die vlug uit prostitusie om haar te red. Hulle het al vantevore ontmoet. Hy wil sy polisievriend Buks betrek, maar dié word in 'n dodelike lokval gelei. Intussen moet hy ook nog probeer om sy huwelik te red. En dis nog net die eerste dag. Van ver in Afrika word veertien vreesbevange meisies afgevoer na 'n donker toekoms in Kaapstad. 'n Huurmoordenaar met wraak in sy hart is op die spoor van 'n baba en die vrou wat sy lewe verwoes het.

Te midde van hierdie storm staan die benewelde Nino Everhard. Binne 16 dae gaan sy hele lewe onherroeplik verander.

Bestel dit aanlyn by www.graffitibooks.co.za



TOPVERKOPERS



Hier is die week se topverkopers:

- 10 **Sterre is vir altyd** – Sophia Kapp
- 9 **Enigma** – Rudie van Rensburg
- 8 **My gunstelinggebedsjoernaal** – LUCA
- 7 **Jagspinnepkop** – Erla Diedericks
- 6 **Twee halwes maak 'n hele** – Marita van der Vyver
- 5 **Douwenis** – Daniël Lötter
- 4 **Rebekka van Kameeldoornplaas** – Irma Joubert
- 3 **Grensloos** – Wilna Adriaanse
- 2 **Blinde kol** – Martin Steyn
- 1 **Op Lig** – Thilde Nel

Wen al drie die boeke!



'n Gelukkige leser het die kans om hierdie boeke te wen.

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

Wie het Liewe Heksie en die rotbende geskryf?

Whatsapp jou antwoord saam met jou naam en volledige adres na **072 386 5997**.

Inskrywings sluit Maandag 12 Oktober 2026.

Die wenner sal lukraak gekies word en in volgende week se Nuusweek aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

Wenner van 02 Okt 2026 se boekekompetisie is: Magda Durie – Rustenburg

Al hierdie boeke sowel as ander nuwe vrystellings en topverkopers is nou beskikbaar by

www.graffitiboeke.co.za

teen **10% afslag**.



Die vraag wat ná die “waarom” kom


7VOOR7

 Ds. Dirk de Villiers
 NG Gemeente Deneysville

Die Christelike lewe kan soms soos 'n tuimeltreinrit voel wanneer ons hoop, geloof en gebede bots met die onverwagse realiteite van die lewe. Wanneer ons gebede nie beantwoord word nie en ons drome is aan skerwe, is teleurstelling 'n normale reaksie. As jy 'n gelowige is, is jy sekerlik baie goed vertrouwd met teleurstellings. Wanneer die lewe gebeur, stoei ons almal met gevoelens van teleurstelling. Soms voel dit asof God self ons teleurgestel het. En dan wil ons soos Petrus in Markus 10 die Here daaraan herinner dat ons darem alles verlaat het om Hom te volg. Miskien het jy nie alles verlaat nie, maar tog 'n klomp pynlike opofferinge gemaak.

Tel dit dan nie vir iets nie? Behoort ons as gelowiges nie darem iets soos 'n vrypas te kry wanneer dit by teleurstelling kom nie? Ek dink u ken alreeds die antwoord op daardie vraag. Terwyl ons met ons eie persoonlike terugslae struikel en worstel, wil dit lyk asof ongelowige mense floreer. Geen probleme vir hulle nie. As daar egter een ding is wat baie jare se frustrasie en teleurstellings my geleer het, is dit dat die vraag wat ek God moet vra, nie is “Waarom, Here?” nie, maar

miskien eerder “Wat nou, Here?”. En dis 'n moeilike les om te leer. Dis 'n moeilike vraag om te vra wanneer al wat jy voel teleurstelling is. Dis moeilik om te vra as jou hart breek. Dis moeilik om te vra “Wat nou, Here?” as jou drome aan skerwe lê.

Maar as daar nog iets is wat teleurstellings ons leer, is dit dat jou uitkyk op die lewe



gaan verander wanneer jy God begin vra “Wat wil U hê moet ek nou doen, Here?”. O ja, jy gaan steeds kwaad wees en ontsteld voel weens teleurstellings, maar jy gaan

ook agterkom dat God gretig is om jou te wys wat Hy wil hê jy volgende moet doen.

Maar die mens is nie gemaak om teleurstellings alleen te dra nie. Wanneer Jesus sê “Kom na my toe almal wat moeg en oorlaai is”, is dit 'n uitnodiging dat Hy juis wil hê mense moet hul teleurstellings by sy voete kom neerlê. En wanneer ons teleurstelling beleef en die moed gekry het om vir God te vra “Here, wat wil U hê moet ek nou doen?”, verwag dan 'n antwoord. God gaan nie toelaat dat ons ons harte by Hom uitstort en soek na sy wil en dan sy rug op ons draai nie. Dis nie God nie.

Maar verwag ook om te leer. Om te vra “Wat nou Here?” leer geloof. Dit laat geloof groei. Dit leer ons dat God betroubaar is en beter weet. Dat hy ons teleurstellings ook in goeie dinge kan verander. En dis dan wanneer jy tot die besef kom dat die heilige God van hemel en aarde aan jou kant is. Dat Hy nie by wyse van spreke onkant betrap word nie, maar dat wat ook al gebeur God by jou is en jou ook in jou teleurstellings nie alleen laat nie. Of eerder verál in jou teleurstellings jou nie alleen laat nie. **N**


**VANDAG IN DIE
VERLEDE**

Albe Grobbelaar

Sol Plaatje se geboortedag 150 jaar gelede, op 9 Oktober 1876, word vandag herdenk. Hy het internasionaal bekend geword as 'n veeltalige Suid-Afrikaanse joernalis, skrywer en politikus wat 'n stigterslid was van die SANNC (South-African Native National Congress), wat later die ANC sou word. Plaatje, wat in Boshof in die Vrystaat gebore is, kon naas Tswana, sy moedertaal, ook Engels, Afrikaans, Nederlands, Frans, Duits, Sotho, Zoeloe en Xhosa praat.

Op 9 Oktober 1899 het die staatsekretaris, F.W. Reitz, die ultimatum van die ZAR aan die Britte se verteenwoordiger in Pretoria, sir William Conyngham Greene, oorhandig. Hierin is geëis dat Britse troepe binne 48

uur aan die Zuid-Afrikaansche Republiek se grense onttrek word. Dit het nie gebeur nie en op 11 Oktober het die Anglo-Boereoorlog begin.

Die wêreldpremière van Andrew Lloyd Webber se musiekblyspel The Phantom of the Opera het vandag 40 jaar gelede in His Majesty's Theatre in Londen plaasgevind. En steeds duur Phantom se speelvak voort. Daar is vanaand, op die 40ste herdenking

van daardie eerste uitvoering, 'n reusegalageleentheid by die einste teater in Londen.

Laastens: John Lennon sou vandag 86 geword het. Hy is op 9 Oktober 1940 in Liverpool gebore. Sy seun by Yoko Ono, Sean Ono Lennon, is op sy pa se 35ste verjaarsdag in 1975 gebore. Sean word vandag 51. **N**



Sol Plaatje



Andrew Lloyd Webber



John Lennon

Copart (Nasdaq – CPRT)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.



Agtergrond

Copart, genoteer op die Nasdaq, is 'n wêreldwye aanlyn voertuigveiling-maatskappy wat spesialiseer in die verwerking en herverkoop van beskadigde, geskraapte en gebruikte voertuie. Die maatskappy werk saam met versekeraars, banke, vlootoperateurs en motorhandelaars om van die voertuie "ontslae" te raak. Hulle het 281 takke regoor Amerika.

Kernbevinding

Die stogastiese indikator is oorverkoop. Dit kan dalk later 'n herstellopie inlui.

Die watervalformasie (moontlik positief) hou beleggers sku.

Die moontlike dubbellaagteformasie (moontlik positief) vang die oog, maar dan moet die aandeel nie onder 26-82 vestig nie.

Ignoreer dus die aandeel onder 26-82.

Bo lyn A (27-71) kan die moontlike dubbellaagteformasie die eerste tekens van tegniese sterkte wys en as die momentum na bo aan die gang kom, kan die aandeel dalk oor tyd na 30-41 neig. Die grafiek sal egter eers bo 30-41 tekens deurgee van behoorlike sterkte.

Onder 26-74 kan die aandeel steeds verder daal en teikens jaag van: 26-61, 26-39, 26-

22, 26-10, 26-00, 25-89, 25-67, 25-50, 25-34, 25-11 en 25-00 is nie 'n onmoontlike teiken nie.

Vir spekulate

Koop of gaan lank so na as moontlik aan lyn A (27-71) slegs indien u glo dat bogenoemde tegniese beskrywing presies sal uitwerk soos bespreek en op die grafiek uitgewys, maar gebruik 26-82 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die moontlike teikens na bo is: 27-89, 27-99, 28-00, 28-19, 28-40, 28-52, 28-72, 28-88, 29-00, 29-34, 29-56, 29-89, 30-12, 30-41, 30-78, 30-96, 30-99, 31-23 en 31-46.

Vir medium- tot langtermynbeleggers

Doen dieselfde as spekulate, maar hou by hulle keerverlies. Verhoog blootstelling bo 30-41, maar gebruik dan 28-88 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die 50-dag- bewegende gemiddelde (rooi lyn – 30-41) is 'n goeie sentimentsbarometer vir beleggers – onder die gemiddelde is beleggers sku vir die aandeel, maar bo die gemiddelde is hulle positief.

Belangrike vlakke om dop te hou

Indien die instrument kopers lok bo lyn A, kan die instrument dalk na: 27-89, 27-99, 28-00, 28-19, 28-40, 28-52, 28-72, 28-88, 29-00, 29-34, 29-56, 29-89, 30-12, 30-44, 30-78, 30-96, 30-99, 31-23 en 31-46.

Opsomming

Koop of gaan lank bo 27-71, maar gebruik 26-82 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

Gevolgtrekking

Optimisme is aan die opbou, maar nog nie bevestig nie, maar bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

Vrywaring

Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggingsadviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

Nuusweek en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

Frans de Klerk

Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan fransdeklerek.com
Tel: 082 900 9996



Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

Klik op poste vir meer info



Ambag

Passer en Draaier - Werfnet (Edms.) Bpk. | Pretoria | Sluitingsdatum: 15/10/2026

Apteek

Senior Pharmacist TRG 2410 (Newcastle)- The Recruitment Guy | Newcastle | Sluitingsdatum: 16/10/2026

Administrasie

Ontvangsdame / Oogkundige Assistent - De Smedt Oogkundiges | Waverley, Pretoria | Sluitingsdatum: 15/10/2026

"Call Centre Agent" & Administratiewe Pos - Van der Hoven Prokureurs Inc | Mokopane | Sluitingsdatum: 16/10/2026

Bestuursposte

Operations Manager TRG 2398 (Vryheid) - The Recruitment Guy | Vryheid | Sluitingsdatum: 16/10/2026

Drywer

Drywer kode 10 (PDP) - Tabu Foods | Rivergate Industrial Park, Cape Town | Sluitingsdatum: 14/10/2026

Finansies

Finansiële hoof: Orania Ontwikkelingsmaatskappy - Orania Ontwikkelingsmaatskappy (OOM) | Orania | Sluitingsdatum: 14/10/2026

Finansiële bestuurder - Johann Claasen Boerdery / High Fert Kunsmis | Mamafubedu | Sluitingsdatum: 15/10/2026

INVESTMENT ADMINISTRATOR - KARIN MARX t/a KM CONSULTING Est. 2005 | Pretoria | Sluitingsdatum: 15/10/2026

Senior Bookkeeper TRG 2402 (Newcastle)- The Recruitment Guy | Newcastle | Sluitingsdatum: 16/10/2026

Internskappe

Student Geleentheid - Logistieke Departement - Southern Cross Marketing & Management Services | Stellenbosch | Sluitingsdatum:

11/10/2026

Retail Operations Internship/Internskap - African Alliance | Illovo, Sandton | Sluitingsdatum: 16/10/2026

Logistiek

Voorraad kontroleerder - Fowkes Bros | Pretoria | Sluitingsdatum: 16/10/2026

Mynbou

Krugersdorp, West Rand: TMM Fleet Manager (Mining)- Cora O Neil Recruitment Agency | Krugersdorp | Sluitingsdatum: 16/10/2026

Onderwys

Besigheidstudies Gr. 10-12 en Ekonomiese & Bestuurswetenskappe Gr. 8 & 9 Onderwyser - Hoërskool Strand | Strand, Cape Town | Sluitingsdatum: 11/10/2026

Gr 8 - 10 Afrikaans en Engels Onderwyser - Melkbosstrand Privaatskool | Melkbosstrand, Cape Town | Sluitingsdatum: 12/10/2026

Opleiding

Instructor (Firearm Training & PSIRA Grades) TRG 2406 (Newcastle)- The Recruitment Guy | Newcastle | Sluitingsdatum: 16/10/2026

Ontwerp

Interior Designer / Binne Ontwerper - Werfnet (Edms.) Bpk. | Pretoria | Sluitingsdatum: 14/10/2026

Regslui

Paralegal – Verhoor- en Getuienisondersteuning (2 poste) - MXTwo Pty Ltd | Bryanston, Sandton | Sluitingsdatum: 15/10/2026

Junior Litigasie Prokureur - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria | Sluitingsdatum: 15/10/2026

Junior Attorney - Cora O Neil Recruitment Agency | Colbyn, Pretoria | Sluitingsdatum: 16/10/2026

Conveyancing Transfers Secretary - Cora O Neil Recruitment Agency | Bedfordview, Germiston | Sluitingsdatum: 16/10/2026

Sekretarieel

Junior Tikster - Strydom & Bredenkamp Ingelyf | Pretoria | Sluitingsdatum: 14/10/2026

Tegniese poste

Vaktoetsbeampte: Megatronika/Elektries/Meulmaker - Ajani | Monument Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 12/10/2026

Fees Seisoen Installasie Spesialis - Mr Christmas | Pretoria | Sluitingsdatum: 15/10/2026

Technical Battery Specialist - Duractec Batteries Wierdapark | Wierdapark, Centurion | Sluitingsdatum: 15/10/2026

Trekkerwerktuigkundige – Oos-Vrystaat & Noord-Kaap- Talent Evolution (Pty) Ltd | Free State / Noord-Kaap | Sluitingsdatum: 16/10/2026

QA Inspector (Level 2) TRG 2393 (Kempton Park)- The Recruitment Guy | Kempton Park | Sluitingsdatum: 16/10/2026

Verkope

Verkoops persoon - Brano Industries | Pretoria Central | Sluitingsdatum: 10/10/2026

Verkoopsassistent - Vellie Boutique (Pty) Ltd | Boksburg | Sluitingsdatum: 15/10/2026

Interne Verkope Assistent - Reivilo Industrieel | Vanderbijlpark | Sluitingsdatum: 16/10/2026

Sales Consultants (Newcastle, Zululand & Port Shepstone) TRG 2399 - The Recruitment Guy | KwaZulu-Natal (Newcastle, Zululand & Port Shepstone) | Sluitingsdatum: 16/10/2026

Verpleeg

Enrolled Nurse - YANA Huis | Rietfontein, Pretoria | Sluitingsdatum: 16/10/2026

Werkgewers kan
GRATIS hul poste
adverteer by
www.solidariteit.co.za



www.solidariteit.co.za



Nonu: SA-spanne moet ernstig wees oor Kampioenebeker

Die voormalige All Black-ster Ma'a Nonu het Suid-Afrika se verteenwoordigers in die Investec Kampioenebeker aangemoedig om die geleentheid ten volle te benut om teen Europa se beste spanne te speel. Nonu het dié stelling tydens die Kampioenebeker se bekendstelling Maandagmiddag in Sandton, Johannesburg, gemaak.

Die Vodacom Bulls, 10bet Lions en DHL Stormers sal Suid-Afrika in vanjaar se elite-klubtoernooi verteenwoordig, terwyl die Hollywoodbets Sharks in die Europese Uitdaagbeker sal speel. Geen Suid-Afrikaanse span het nog die Kampioenebeker-halfeindronde gehaal sedert SA-spanne in 2022/23 deur die Verenigde Rugbykampioenskap vir die kompetisie begin kwalifiseer het nie.

Nonu, 'n tweemaalige Wêreldbekerkampioen wat self vir Toulon in Frankryk in die Kampioenebeker gespeel het, sê Suid-Afrikaanse spanne moet besef watter voorreg dit is om teen Europa se topklubs mee te ding. Hy meen hulle moet mededingend wees en aan die Europese spanne wys waartoe Suid-Afrikaanse rugby in staat is.

Volgens Nonu bly die Franse Top 14 tans die mees mededingende rugbykompetisie ter wêreld. Hy het ook gewys op die groot aantal internasionale spelers wat in Frankryk speel, toeskouers wat die stadions volpak en die passie van ondersteuners.

Hy meen rugby in Frankryk bied tans 'n belangrike voorbeeld van hoe die sport aangebied en bemark kan word, terwyl Super Rugby volgens hom aansienlik verander het sedert die Suid-Afrikaanse spanne sowat 20 jaar gelede deel van die kompetisie geword het. Die Suid-Afrikaanse franchises het in 2021 van die Super Rugby-kompetisie onttrek weens verskeie uitdagings soos afstand, tydverskille en ekonomiese onvolhoubaarheid.

Die Bulls begin Suid-Afrika se Kampioenebeker-veldtog op Saterdag 17 Oktober teen Stade Français op Loftus Versfeld. Die Stormers pak Bristol Bears in Kaapstad, terwyl die Lions hul debuut in die toernooi teen La Rochelle in Frankryk maak. **S**



v.l.n.r. Schalk Brits, Ma'a Nonu, Liezil van der Schyff, Imad Khan, Ruan Venter en Nama Xaba

OORDE ATKV
DRAKENSVILLE
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

JOU WEGBREEK PARADYS
IN DIE BERGE!

KOM GENIET...

- SKOOLTOERE
- KAMP-SONDER-BRIEKE TUSSEN DIE BERGE
- SPROKIESTROUES
- VAKANSIEPARADYS

DIE KEUSE IS WAARLIK JOUNE!

DRUK HIER VIR MEER

www.drakensville.co.za | 036 438 6287
drakensville@atkv.org.za | www.facebook.com/ATKVDRAKENSVILLE

Legendes en jong talent skitter by Betway SA20-spelersveiling

Die Betway SA20 Seisoen 5-spelersveiling het Woensdag in Johannesburg 'n kombinasie van ervare internasionale sterre en opwindende jong Suid-Afrikaanse talent opgelewer.

Die Joburg Super Kings (JSK) het die voormalige Proteas-kaptein Faf du Plessis se dienste vir R2,7 miljoen bekom. JSK en MI Cape Town het om die beurt op die 42-jarige Du Plessis gebie, wat uiteindelik deur JSK gewen is. Du Plessis is die laaste vier seisoene al deel van die span op die Wanderers. Die voormalige Wes-Indiese ster Kieron Pollard se dienste is ook deur JSK gekoop vir R1,5 miljoen.

MI Cape Town het die veelsydige Proteas-speler Wiaan Mulder vir R2,6 miljoen gekontrakteer en ook die Wes-Indiese kolwer Shimron Hetmyer vir R1,5 miljoen bekom.

Die Pretoria Capitals het R500 000 vir die voormalige Proteas-kolwer Rassie van der Dussen opgedok. Die Proteas-kaptein Temba Bavuma sal ook vir die Capitals speel, nadat hy voorheen twee SA20-titels saam met Sunrisers Eastern Cape verower het.

Die grootste verrassing van die veiling was egter die 18-jarige Jason Rowles. Dié talentvolle o.23-speler het 'n intense stryd tussen MI Cape Town en JSK ontken, met die Super Kings wat hom uiteindelik vir 'n rekordbedrag van R2,9 miljoen bekom het – vanjaar se duurste aankoop van die veiling.

Rowles, 'n matrikulant aan St David's Marist Inanda (wat ook Bavuma se alma mater is), word beskou as een van Suid-Afrika se belowendste jong spelers. Die SA20-kommissaris Graeme Smith sê die belangstelling in Rowles beklemtoon die

belangrikheid van die liga as 'n pad vir jong spelers om hul loopbane te ontwikkel.

Die Sunrisers Eastern Cape, wat al drie keer die SA20-beker omhoog gehou het, het hul 19-man-groep voltooi met die Proteas-naatboulter Nandre Burger en die veelsydige Engelse speler Craig Overton. Anrich Nortje, Marco Jansen, Adam Milne en Lutho Sipamla is die ander bouters wat in die groep ingesluit is.

MI Cape Town het ook die Nieu-Seelandse snelbouter Trent Boult teruggebring, terwyl JSK die Suid-Afrikaans-Amerikaanse speler Andries Gous en Zimbabwe se Blessing Muzarabani bekom het.

Seisoen 5 van die Betway SA20 begin op 17 Januarie 2027, wanneer die Sunrisers Eastern Cape die Pretoria Capitals op St George's Park in Gqeberha in 'n herhaling van verlede seisoen se eindstryd pak. **S**

PAARL ROYALS

VOLSPAN

1. DANIEL LAWRENCE
2. GUDAKESH MOTIE
3. AZMATULLAH OMARZAI
4. SIKANDAR RAZA
5. THOMAS REW
6. ASA TRIBE
7. MUJEEB UR RAHMAN
8. OTTNEIL BAARTMAN
9. BJORN FORTUIN
10. RUBIN HERMANN
11. KEAGAN LION-CACHET
12. DAVID MILLER
13. DELANO POTGIETER
14. KYLE VERREYNNE
15. HARDUS VILJOEN
16. JACOB JOHANNES BASSON
17. NOOBANI MOKOENA
18. LHUAN-DRE PRETORIUS
19. JOE ROOT

betway
XXX
SA20

SUNRISERS EASTERN CAPE

VOLSPAN

1. TRISTAN STUBBS
2. MITCHELL MARSH
3. ADAM MILNE
4. RISHAD HOSSAIN
5. QUINTON DE KOCK
6. MATTHEW BREETZKE
7. ANRICH NORTJE
8. MITCHELL VAN BUUREN
9. JORDAN HERMANN
10. LEWIS GREGORY
11. SENURAN MUTHUSAMY
12. PATRICK KRUGER
13. JAMES COLES
14. LUTHO SIPAMLA
15. NANDRE BURGER
16. CRAIG OVERTON
17. CJ KING
18. JP KING
19. MARCO JANSEN

betway
XXX
SA20

JOBURG SUPER KINGS

VOLSPAN

1. LEUS DU PLOOY
2. JASON HOLDER
3. AKEAL HOSEIN
4. JAMES VINCE
5. MATTHEW DE VILLIERS
6. DONOVAN FERREIRA
7. DIAN FORRESTER
8. DUAN JANSEN
9. RILEE ROSSOUW
10. JANCO SMIT
11. PRENELAN SUBRAYEN
12. FAF DU PLESSIS
13. BLESSING MUZARABANI
14. KIERON POLLARD
15. ANDRIES GOUS
16. DAYYAN GALIEM
17. JARREN BACHER
18. JASON ROWLES
19. JAMIE OVERTON

betway
XXX
SA20

DURBAN'S SUPER GIANTS

VOLSPAN

1. JOS BUTTLER
2. DEVON CONWAY
3. SAM CURRAN
4. LIAM LIVINGSTONE
5. SUNIL NARINE
6. KANE WILLIAMSON
7. MARQUES ACKERMAN
8. DAVID BEDINGHAM
9. EATHAN BOSCH
10. GERALD COETZEE
11. TONY DE ZORZI
12. DARYN DUPAVILLON
13. SIMON HARMER
14. EVAN JONES
15. AIDEN MARKRAM
16. KYLE SIMMONDS
17. KWENA MAPHAKA
18. ANDILE SIMELANE
19. HEINRICH KLAASEN

betway
XXX
SA20

MI CAPE TOWN

VOLSPAN

1. WILL JACKS
2. RASHID KHAN
3. NICHOLAS POORAN
4. CORBIN BOSCH
5. REEZA HENDRICKS
6. THOMAS KABER
7. GEORGE LINDE
8. DANE PIEDT
9. RYAN RICKELTON
10. JASON SMITH
11. TIAAN VAN VUUREN
12. TRENT BOULT
13. WIAAN MULDER
14. SHIMRON HETMYER
15. LEHAN BOTHA
16. DANIEL SMITH
17. TRISTAN LUUS
18. OLIVER WHITEHEAD
19. KAGISO RABADA

betway
XXX
SA20

PRETORIA CAPITALS

VOLSPAN

1. SHERFANE RUTHERFORD
2. PHIL SALT
3. MATTHEW SHORT
4. CONNOR ESTERHUIZEN
5. WIHAN LUBBE
6. KESHAV MAHARAJ
7. LUNGISANI NOIDI
8. BRYCE PARSONS
9. GIDEON PETERS
10. LIZAARD WILLIAMS
11. CODI YUSUF
12. RASSIE VAN DER DUSSEN
13. TEMBA BAVUMA
14. JOSH BREED
15. ACKEEM AUGUSTE
16. KEEMO PAUL
17. DEWALD BREVIS
18. BAYANDA MAJOLA
19. ANDRE RUSSELL

betway
XXX
SA20

SA wil Olimpiese Spele in 2036 aanbied



Suid-Afrika, Indië en Katar tel onder sewe lande wat belangstelling getoon het om die 2036 Olimpiese Somerspele aan te bied. Duitsland, Hongarye, Turkye en Suid-Korea is die ander lande op die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK) se huidige lys van belangstellendes.

Ander lande het tot 31 Oktober om hul belangstelling aan te dui. Die IOK se uitvoerende raad sal na verwagting in Maart 2027 'n kortlys saamstel. Faktore soos befondsing, asook politieke en openbare steun, sal in ag geneem word.

Indië wil die Olimpiese Spele vir die eerste keer aanbied, met Ahmedabad as die beoogde gasheerstad. Dié stad sal ook die 2030 Statebondspele aanbied, wat as 'n belangrike voorbereiding vir die Olimpiese Spele beskou word.

Alhoewel Suid-Afrika nog nooit die Olimpiese Spele aangebied het nie, is die 2010-FIFA-Wêreldbeker, die 1995-Rugbywêreldbeker en die Netbal-wêreldbeker in 2023 met groot sukses aangebied. Die IKR se Mans Krieketwêreldbeker word volgende jaar

saam met Zimbabwe en Namibië aangebied.

Indien Katar, wat die 2022-FIFA-Wêreldbeker aangebied het, se bod suksesvol is, sal die skouspel weens die uiterste somertemperature moontlik buite die tradisionele Julie- en Augustustydperk aangebied moet word.

Die 2028 Olimpiese Somerspele vind in Los Angeles plaas, terwyl Brisbane as gasheerstad vir die 2032-spele aangewys is. **S**

VRK kry momentum

Die Suid-Afrikaanse spanne het verlede naweek gemengde welslae in die tweede ronde van die Verenigde Rugbykampioenskap (VRK) behaal.

Die Hollywoodbets Sharks en 10bet Lions het tuisoorwinnings behaal, terwyl die DHL Stormers en Vodacom Bulls albei hul wegwedstryde in die Noordelike Halfrond verloor het.

Die Stormers het Vrydagaand met 17-13 teen Edinburgh vasgeval, nadat die besoekers in moeilike en winderige toestande in die lynstane gesukkel het. Teen rustyd het die Kapenaars nog nie 'n enkele punt aangeteken nie, maar in die tweede helfte het Yaqeen Ahmed twee strafdoele behaal voordat Hacjivah Dayimani 'n drie gedruk het om die Stormers met 13-10 voor te laat loop. Edinburgh het egter laat teruggeslaan met 'n drie deur Rory McHaffie, waarna James Grayson met die doelskop geslaag het om die oorwinning te beklink. Die Stormers beklee nou die agste plek op die punteleer met ses punte.



Op eie bodem het die Lions Saterdagmiddag die Ospreys met 35-19 in Johannesburg verslaan. Die tuisspan het ná 'n 12-10-agterstand teen rustyd teruggeveg, met Erich Cronje wat die Lions se eerste drie gedruk het, waarna PJ Botha, Morné Brandon, Boeta Chamberlain en twee drieë deur Kelly Mpeku die oorwinning verseker het.

Die bonuspunt-oorwinning beteken dat die Lions onoorwonne bly ná die eerste twee rondes en die derde plek op die punteleer met nege punte beklee.

Later die middag het die Sharks die verdedigende kampioen, Leinster, met 26-20 in Durban geklop om bo-aan die punteleer te eindig met 10 punte. Dit was die Sharks se tweede oorwinning ooit oor Leinster. Manu Tshituka en Litelihle Bester het in die eerste helfte drieë gedruk, waarna Andre Esterhuizen en Edwill van der Merwe ná rustyd ook agter die doellyn gaan kuier het.

Na bladsy 27

VRK kry momentum (vervolg)

Van bladsy 26

Die Bulls het die naweek se aksie afgesluit met 'n 22-26-nederlaag teen Munster in Limerick, nadat die spanne teen rustyd met 14-elk gelykop was. Ruan Vermaak en Francois Klopper het drieë vir die Bulls gedruk, terwyl Jeandré Rudolph ná rustyd ook 'n drie gedruk het. Munster het egter met drieë van Charlie O'Shea en Alex Kendellen 'n voorsprong opgebou. Die Bulls het na die sewende plek op die punteleer gesak met ses punte.

Die vier Suid-Afrikaanse spanne berei nou voor vir die komende naweek se derbyronde, met die Bulls wat die Lions in Pretoria verwelkom en die Sharks wat die Stormers in Kaapstad gaan pak. **S**

RONDE 3 VRK-BEPALINGS:

Vrydag 9 Oktober

20:45 Glasgow Warriors vs Connacht

20:45 Dragons vs Ospreys

Saterdag 10 Oktober

13:30 Vodacom Bulls vs 10bet Lions

16:00 Zebre vs Edinburgh

16:00 DHL Stormers vs Hollywoodbets Sharks

18:30 Ulster vs Munster

18:35 Llanelli Scarlets vs Benetton Rugby

20:45 Leinster vs Cardiff Rugby

Springbok-vroue glimlag groot ná toer

Die Springbok-vroue het verlede Sondag die WXV-toer deur Europa op 'n hoë noot afgesluit met 'n indrukwekkende 20-0-oorwinning oor Spanje in Seville.

Die Bok-vroue se verdediging was die hoogtepunt van die wedstryd, met die Spanjaarde wat vir die volle 80 minute nie punte kon aanteken nie.

Catha Jacobs het ná 14 minute die eerste drie gedruk ná 'n sterk aanval vanaf 'n skrum, met Jakkie Cilliers wat die doelskop geskop het. Cilliers het later ook 'n strafdoel behaal om die rustydtelling op 10-0 te staan te bring.

Kort ná rustyd het Aseza Hele die besoekers se tweede drie gedruk nadat die Bok-vroue balbesit in Spanje se kwartgebied herwin het. Cilliers het later self 'n drie gedruk nadat Spanje 'n speler met 'n geelkaart afgestuur het weens herhaalde oortredings.

Ondanks Spanje se volgehoue pogings om terug te veg, het die Springbok-vroue se verdediging staande gebly. Dié oorwinning is hul sewende agtereenvolgende oorwinning oor Spanje.

Die Bok-vroue is intussen terug op eie bodem en het begin met voorbereidings vir 'n reeks van twee wedstryde teen Ierland se vrouespan op 24 en 31 Oktober in Kaapstad. **S**



JOU BESIGHEID VERDIEN OM GESIEN TE WORD!
ADVERTEER IN
NUUSWEEK
BEREIK JOU TEIKENMARK!

Laat een van ons konsultante jou help om jou besigheid na die volgende vlak te neem.

Stuur 'n e-pos na

advertbeer@pretoriafm.co.za

Australië sal van skuurpapier-skandaal wil vergeet in toetsreeks

Die Wêreldtoetskampioene, die Proteas, pak die huidige kampioenskapvoorlopers Australië vandag in Durban in die eerste toetsreeks tussen die twee lande in Suid-Afrika sedert die omstrede wedstryd in Maart 2018.

Die 2017/18-reeks sal onthou word vir die sogenaamde skuurpapier-voorval waartydens lede van die Australiese span skuurpapier gebruik het om die toestand vandiebalteverander. Dit was ook die eerste keer in 48 jaar dat Suid-Afrika 'n tuisreeks teen dié groot teenstanders gewen het. Suid-Afrika het Australië verlede jaar in die Wêreldtoetskampioenskapsreeks se eindstryd op Lord's in Engeland geklop.

Die wêreldtoetskampioene sal egter sonder Kagiso Rabada moet klaarkom. Rabada is steeds besig om van 'n besering te herstel en is nie in die wedstrydgroep ingesluit nie.

Vir die eerste toets in Durban is Anrich Nortje ingesluit, wat die eerste keer sedert Maart 2023 sal wees wat hy weer toetskrieket sal speel. Nortje word in die bousersgroep ingesluit saam met Marco Jansen, Simon Harmer en Keshav Maharaj. Temba Bavuma sal die Proteas aanvoer nadat hy Suid-Afrika onlangs na 'n 2-1 eendagreeksoorwinning oor Australië gelei het.

Die besoekers sal sonder Josh Inglis, wat 'n gebreekte vinger het, en Cameron Green, wat 'n buikbesering opgedoen het, moet klaarkom.

Australië se kaptein Pat Cummins, Mitchell Starc, Josh Hazlewood en draaibalouer Nathan Lyon is steeds deel van die span wat die 2017/18-reeks meegemaak het. Nie een van dié vier is egter betrek by die balpeutervoorval wat daartoe gelei het dat Steve Smith, David Warner en Cameron Bancroft lang skorsings ontvang het nie.

Albei kampe is versigtig om nie te veel op die gebeure van 2017/18 te fokus nie. Cummins sê dit is lank gelede en daar is min om daaroor te sê.

Proteas-afrigter Shukri Conrad het bevestig dat die voorval nie in Suid-Afrika se spanvergaderings bespreek is nie. Hy verwag egter dat Suid-Afrikaanse ondersteuners die besoekers aan die voorval sal herinner, maar sê dit moet op 'n respektvolle manier geskied.



Australië is tans bo-aan die Wêreldtoetskampioenskap-punteleer, met Suid-Afrika indietweede plek. Albei spanne is tans aanspraakmakers om volgende jaar se Wêreldtoetskampioenskap-eindstryd by The Oval te haal.

Die eerste toets van drie begin vanoggend om 09:30 op die Kingsmead-stadion in Durban. **S**

Protea span teen Australië:

Temba Bavuma (k), Aiden Markram, Ryan Rickelton, David Bedingham, Tristan Stubbs, Wiaan Mulder, Kyle Verreynne, Marco Jansen, Simon Harmer, Keshav Maharaj en Anrich Nortjé

Krieketreuse in dieselfde WB-groep

Indië, hul aartsvyand Pakistan en die verdedigende kampioen, Australië, is saam in Groep A geloot vir die 2027 IKR Mans Krieketwêreldbeker, wat deur Suid-Afrika, Zimbabwe en Namibië aangebied word.

Indië begin sy veldtog teen Australië op 7 Oktober in Kaapstad, in 'n herhaling van die 2023-eindstryd. Drie dae later, op 10 Oktober, pak Indië en Pakistan mekaar op Johannesburg se Wanderers-stadion. Dié wedstryd sal na verwagting groot belangstelling lok.

Die toernooi begin op 4 Oktober 2027, met die eindstryd wat op 27 November gespeel sal word.

Die res van Groep A bestaan uit Afghanistan, Zimbabwe en 'n kwalifiserende span.

Die wedywering tussen Indië en Pakistan bly een van krieket se grootste internasionale wedstryde. Weens politieke spanning tussen die lande speel hulle sedert 2012 slegs in IKR-toernooie teen mekaar.

Indië het egter 'n sterk rekord teen Pakistan in Wêreldbekertoernooie – hulle het al agt hul Krieketwêreldbeker-wedstryde teen Pakistan gewen, asook agt van hul nege T20-Wêreldbeker-kragmetings.

In Groep B sal Bangladesh, Engeland, Suid-Afrika, Sri Lanka, Nieu-Seeland en nog 'n kwalifiserende span kragte meet. **S**

